13 - 16 jaar

# My Refleksie Bybel Joernaal

Boek 6

Heuningsoet Woord & Gees
Psalm 19:10&11

'n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal
gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word.
Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg,
sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is.
Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal
wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak.
Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is.
God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan.
Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer,
sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van 'n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- 'n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

________________________________________

Datum:

____________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

# Dag 1 MATTEUS 28

## Jesus het opgestaan

1Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre
begin lig word, het Maria Magdalena en die
ander Maria na die graf gaan kyk.

2Skielik was daar 'n geweldige aardbewing.
'n Engel van die Here het van die hemel af
gekom, na die graf toe gegaan, die klip
weggerol en daarop gaan sit. 3Sy voorkoms
was so blink soos weerlig en sy klere so wit
soos sneeu. 4Van skrik vir hom het die
wagte gebewe en soos dooies geword.

5Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet
nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus
wat gekruisig is. 6Hy is nie hier nie, want Hy
is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het.
Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy
gelê het. 7Gaan gou en sê vir sy dissipels:
‘Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan
julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle
Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.”

8Hulle het toe haastig van die graf af
weggegaan, bang maar baie bly, en hulle
het gehardloop om dit aan die dissipels te
vertel.

9Skielik het Jesus daar voor die vroue
gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader
gekom, sy voete gegryp en Hom
aanbid. 10Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie
bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle
moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle
My sien.”

## Die berig van die wagte

11Terwyl die vroue op pad was, kom party
van die wagte in die stad aan en vertel vir
die priesterhoofde alles wat gebeur
het. 12Die priesterhoofde het saam met die
familiehoofde vergader en die volgende
plan gemaak. Hulle het vir die soldate 'n
groot som geld gegee 13en gesê: “Julle
moet sê: ‘Sy dissipels het in die nag gekom
en sy liggaam gesteel terwyl ons geslaap
het.’ 14En as die goewerneur daarvan hoor,
sal ons hom tevrede stel en sorg dat julle nie
bekommerd hoef te wees nie.”

15Die wagte het toe die geld gevat en
gemaak soos hulle voorgesê is.

Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel.

## Jesus se opdrag aan die dissipels

16Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan
na die berg waarheen Jesus hulle beveel het
om te gaan. 17Toe hulle Hom sien, het hulle
Hom aanbid, hoewel party getwyfel
het. 18Jesus kom toe nader en sê vir hulle:
“Aan My is alle mag gegee in die hemel en
op die aarde. 19Gaan dan na al die nasies
toe en maak die mense my dissipels: doop
hulle in die Naam van die Vader en die Seun
en die Heilige Gees, en 20leer hulle om alles
te onderhou wat Ek julle beveel het. En
onthou: Ek is by julle al die dae tot die
voleinding van die wêreld.”

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (‘highlight’) al Jesus se woorde.

3. Skryf ‘n vers neer wat jy glo die kernboodskap van die Skrifgedeelte bevat.

____________________________________

____________________________________



________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed :

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

7. Hereskryf die hoofpunte van Jesus se laaste opdrag aan Sy dissipels.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

8. Sien jy jouself as 'n dissipel van Jesus? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

9. Kies 'n Bybelkarakter in vandag se Skrifgedeelte. Wat sal jy dieselfde of anders as hierdie persoon gedoen het?

Karakter: __________________________

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 2 PSALMS 34

### Die Here is naby

*1'n Lied van Dawid. Hy het hom kranksinnig gehou by Abimelek. Dié het hom weggejaag en hy het padgegee.*

2Ek sal die Here altyd weer prys,sy lof sal altyd op my lippe wees.

3Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees.

4Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.

5Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgevare.

6Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.

7Ek is een van die ellendiges wat geroep het. Die Here het gehoor, uit al my benoudhede het Hy my gered.

8Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.

9Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.

10Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie.

11Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie.

12Kom, kinders, luister na my! Ek wil julle leer hoe om die Here te dien.

13As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet,

14moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.

15Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!

16Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep.

17Maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen en vee selfs die herinnering aan hulle van die aarde af.

18As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede.

19Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.

20Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.

21Die Here sorg vir die hele liggaam van die regverdige: geen been word gebreek nie.

22Die kwaad wat die goddelose doen, bewerk sy eie ondergang: vir sy vyandskap teen die regverdige sal hy boet.

23Die Here maak sy dienaars vry. Wie by Hom skuil, sal nie as skuldige behandel word nie.

1. Kleur 'n sin of twee in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se grootste uitroep toe hy hierdie Psalm geskryf het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



3. Skryf ‘n vers(e) oor wat ‘n waarheid bevat van wie God is.


4. Skryf ‘n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

5. Wat het jy geleer uit hierdie Psalm?

6. Waaroor laat hierdie Psalm jou wonder?

7. Skryf ‘n vers/sin neer wat jy maklik visueel kan vorm in jou verbeelding.

8. Skryf ‘n belofte neer wat God elke kind van Hom gee, wat jy raaklees in hierdie Psalm.



## Dag 3 GENESIS 13

### Abram en Lot gaan uitmekaar

1Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom. 2Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud. 3Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai, 4die plek waar hy vroeër 'n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeroep.

5Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en tente vir sy mense gehad. 6Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon nie bymekaar bly nie. 7Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Daar het toe 'n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n.

8Toe sê Abram vir Lot: "Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie. 9Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links."

10Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos 'n tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik nog voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het. 11Lot het die hele Jordaanstreek vir hom gekies en hy het ooswaarts versit.

So het die twee van mekaar geskei: 12Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan.



13Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.

14Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: "Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. 15Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. 16Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. 17Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou."

18Abram het sy tente versit en gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.

2. Watse Bybelkarakter in hierdie storie staan vir jou uit en hoekom?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Beskryf 'n karaktereienskap van God wat jy uit hierdie gedeelte waarneem.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Kleur die verse in ('highlight') waar God 'n belofte aan Abram gee.

6. Herskryf 'n vers wat vir jou maklik 'n verbeeldingsprentjie vorm.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 4 HANDELINGE 5

### Ananias en Saffira

1Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het. 2Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprys vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee. 3Petrus sê toe vir hom: "Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? 4Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God."

5Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang geword. 6'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.

7Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het. 8Petrus vra toe vir haar: "Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop?"

"Ja," sê sy, "vir soveel."

9Toe sê Petrus vir haar: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra."

10Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.

11Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.

### Baie tekens en wonders

12Deur die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind. En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo, 13maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag. 14Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg. 15Die mense het selfs siekes op straat uitgedra en hulle daar op draagbare en beddens neergesit sodat, as Petrus daar verbygaan, al is dit maar net sy skaduwee op party van hulle kon val. 16Daar het ook baie mense van die dorpe in die omgewing van Jerusalem af gekom en siekes gebring en mense wat onder onrein geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak.

### Die vervolging van die apostels

17Die hoëpriester en al sy ondersteuners, wat aan die party van die Sadduseërs behoort het, is met afguns vervul en het besluit om in te gryp. 18Hulle het die apostels oop en bloot laat vang en in die tronk gestop. 19Maar 'n engel van die Here het in die nag die tronkdeure oopgemaak, die apostels uitgelei en vir hulle gesê: 20"Gaan staan in die tempel en verkondig aan die volk die volle boodskap van hierdie nuwe lewe."

21Hulle het gehoor gegee en die môre vroeg na die tempel toe gegaan en die mense geleer.

Intussen het die hoëpriester en sy ondersteuners die leiers van Israel vir 'n volle vergadering van die Joodse Raad bymekaargeroep en wagte na die tronk toe gestuur om die apostels te gaan haal.

22Maar toe die wagte daar kom, het hulle hulle nie in die tronk gekry nie. Hulle het

teruggekom en vertel: 23"Ons het die tronk behoorlik toegesluit gekry en die bewaarders op hulle pos voor die deure; maar toe ons oopmaak en ingaan, was daar niemand nie."

24Toe die bevelvoerder van die tempelwag en die priesterhoofde dit hoor, was hulle uit die veld geslaan en hulle het gewonder wat van die apostels geword het. 25Net toe kom daar iemand en sê vir hulle: "Weet julle, die mans vir wie julle in die tronk gesit het, staan daar in die tempel en leer die volk!"

26Toe het die bevelvoerder en die wagte die apostels gaan haal, maar sonder geweld, omdat hulle bang was die volk steek hulle onder die klippe. 27Hulle het hulle voor die Raad gebring, en die hoëpriester sê toe vir hulle: 28"Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? En nou lê die hele Jerusalem vol van julle leer! Boonop wil julle ons ook nog verantwoordelik hou vir hierdie man se dood."

29Petrus en die ander apostels het geantwoord: "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense! 30Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang. 31God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe. 32En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is."

33Toe die Raad dit hoor, was hulle woedend, en hulle wou die apostels doodmaak. 34Een van die Fariseërs in die Raad, 'n man met die naam Gamaliël, wat as leermeester van die wet van Moses by die hele volk in hoë aansien was, het toe opgestaan en gevra dat die apostels 'n rukkie buitentoe gevat moet word. 35Daarna sê hy vir die Raad: "Israeliete, julle moet versigtig wees wat julle met hierdie mense gaan doen. 36'n Tyd gelede was daar die geval van Teudas, wat in opstand gekom en daarop aanspraak gemaak het dat hy iemand van betekenis is. Hy het 'n aanhang gekry van omtrent vier honderd man. Hy is doodgemaak, en al sy volgelinge is verstrooi, en die opstand het op niks uitgeloop nie. 37Daarna was dit Judas die Galileër, wat in die tyd van die volkstelling in opstand gekom het met 'n deel van die volk agter hom aan. Ook hy is om die lewe gebring, en al sy volgelinge is uitmekaar gejaag. 38Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: Laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. 39Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie!"

Die Raad het na hom geluister. 40Hulle het die apostels ingeroep, hulle laat slaan en hulle belet om weer in die Naam van Jesus te praat. Daarna het hulle hulle losgelaat.

41Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly. 42En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.

**1.Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of onthou vir altyd.**



______________________________

______________________________

2. Beskryf optredes van sonde wat jy raaklees in vandag se Skrifgedeelte.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

3. Wat het jy vandag nuut raakgelees of van bewus geword vanuit hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4. Onderstreep verse wat na Heilige Gees verwys.

5. Kan jy dink aan enige vraag wat jy graag sal wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit neer.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

6. Watter waarheid oor wie God (of Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

7. Watse voorbeeld van Petrus kan jy ook nastreef om te volg?

______________________________

______________________________

______________________________

8. Beskryf 'n wonderwerk of twee wat in hierdie Bybelgedeelte plaasgevind het, wat jou aandag getrek het.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



# Dag 5 EKSODUS 3

### God openbaar Hom aan Moses

1Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het.

2Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie. 3En Moses sê vir homself: “Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?”

4Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: “Moses! Moses!”

En hy antwoord: “Hier is ek.”

5Die Here sê toe vir hom: “Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.” 6Verder sê Hy: “Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.”

Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk.

7Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. 8Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. 9Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk. 10Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”

11Toe sê Moses vir God: “Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?”

12God het Moses geantwoord: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid.”

13Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?”

14Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

15Verder sê God vir Moses: “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.

16“Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle aangedoen word in Egipte. 17Ek het besluit om julle te laat wegtrek uit die ellende van Egipte na die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.’

18"Die leiers van Israel sal na jou luister, en
dan moet jy en hulle na die Egiptiese koning
toe gaan en vir hom sê: 'Die Here die God
van die Hebreërs het Hom aan ons
geopenbaar. Laat ons asseblief drie
dagreise ver die woestyn in trek om vir ons
God, die Here, 'n offer te bring.'

19"Ek weet dat die Egiptiese koning julle nie
sal laat gaan nie, selfs nie onder dwang
nie. 20Dan sal Ek my hand uitsteek en
Egipte teister met die wonderdade wat Ek
in hom sal doen. Eers daarna sal die farao
julle laat gaan. 21Ek sal ook sorg dat die
Egiptenaars goed doen aan hierdie volk van
My, sodat, as julle uiteindelik wegtrek, julle
nie met leë hande sal gaan nie. 22Elke vrou
moet van haar buurvrou of in die huis waar
sy werk, silwer- en goue goed sowel as klere
eis. Laat julle seuns en dogters dit dan as
buit uit Egipte uit wegdra."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Trek oral waar Moses se naam staan liggies dood met jou potlood en skryf jou naam bo syne. Lees nou weer die gedeelte en ervaar hoe God met jou praat. Beskryf wat jy nou anders hoor.


____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



3. Beklemtoon ('highlight') God se woorde oral waar hy gepraat het.

4. Gee 'n nuwe opskrif aan vandag se gedeelte wat jy glo ook die tema/hart van die Skrifgedeelte beskryf.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Noem die Naam van God waarvan jy hier lees. Trek ook 'n kring daarom in die skrifgedeelte.

____________________________________

____________________________________

____________________________________


7. Hoe kan jy dieselfde as Moses optree, of dalk iets nuut leer van hoe hy met God gepraat het?

____________________________________

____________________________________

8. Skryf 'n waarheid neer van wie God is of 'n karaktereienskap van God wat jy vanuit hierdie Bybelgedeelte besef.

9. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?



# Dag 6

1 KORINTIËRS 13

## Die liefde

1Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is:

Al praat ek die tale van mense en engele,

maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.

2Al het ek die gawe van profesie

en ken ek al die geheimenisse

en besit ek al die kennis,

en al het ek al die geloof om berge te versit,

maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

3Al deel ek al wat ek het aan ander uit,

en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem,

maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

4Die liefde is geduldig,

die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

5Dit handel nie onwelvoeglik nie,

soek nie sy eie belang nie,

is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie.

6Dit verbly hom nie oor onreg nie,

maar verheug hom oor die waarheid.

7Dit bedek alles,

glo alles,

hoop alles,

verdra alles.





8Die liefde vergaan nooit nie,

maar die gawe

van profesie sal verdwyn,

die gawe

om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou,

en dié van kennis sal uitgedien raak.

9Want ons ken maar gedeeltelik,

en ons profeteer maar gedeeltelik,

10maar wanneer die volledige kom,

sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees.

11Toe ek 'n kind was,

het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind.

Maar noudat ek 'n man is,

is ek klaar met die dinge van 'n kind.

12Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld,

maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik,

maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.

13En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie.

En die grootste hiervan is

die liefde!

**1. Onderstreep 'n vers/e wat vir jou uitstaan.**

2. Maak regmerkies bo die dele wat beskryf, hoe GOD se LIEFDE is en trek liggies 'n strepie deur die gedeeltes/woorde wat beskryf hoe die Liefde NIE is/optree NIE.

3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan verander deur meer deur LIEFDE (soos hierdie Skrifgedeelte liefde beskryf) te leef.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed : ______________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf 'n waarheid oor God/Jesus neer wat jy vanuit hierdie teks waarneem.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watse eienskap van GOD se LIEFDE is vir jou die mooiste / kosbaarste soos jy daardeur gelees het? Verduidelik hoekom jy so sê.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

8. Watse verkeerde optrede van LIEFDE (hoe die liefde NIE is NIE), sien jy gereeld om jou raak?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 7 DANIËL 3

### Daniël se drie vriende uit die brandende oond gered

1Koning Nebukadnesar het 'n goue beeld laat maak, dertig meter hoog en drie meter breed, en dit laat oprig in die Duradal in die provinsie Babel. 2Toe het hy opdrag gegee dat al sy amptenare, die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs, die raadgewers, die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die hoofamptenare van die provinsie, bymekaar moes kom vir die wyding van die beeld wat die koning laat oprig het. 3So het al die hoë amptenare, die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs, die raadgewers, die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die hoofamptenare van die provinsie, bymekaargekom vir die wyding van die beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het en hulle het voor die beeld gaan staan.

4'n Aankondiger het hard geroep: "Alle volke, nasies en taalgroepe, julle word beveel: 5Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid. 6Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word."

7Daarom het al die volke, nasies en taalgroepe, sodra hulle die geluid van trompet, fluit, siter, lier, harp of enige ander musiekinstrument hoor, voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, gebuig en dit aanbid.

8Dit was toe dat sekere Galdeërs die Jode gaan verkla het. 9Hulle het vir koning Nebukadnesar gesê: "Mag die koning baie lank lewe! 10U het 'n bevel uitgevaardig dat enigiemand wat die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, voor die goue beeld moet buig en dit moet aanbid. 11Wie nie buig en die beeld aanbid nie, moet in 'n brandende oond gegooi word. 12Maar, U Majesteit, nou is daar Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie, hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie."

13Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag, Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die koning gebring, 14en Nebukadnesar het vir hulle gesê: "Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie? 15Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?"

16Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: "Ons hoef u nie hierop te antwoord nie. 17Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag. 18Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie."

19Toe het Nebukadnesar wit geword van woede vir Sadrag, Mesag en Abednego en



opdrag gegee dat die oond sewe maal warmer gemaak moet word as gewoonlik. 20Daarna het hy van die sterkste manne in sy lyfwag beveel om vir Sadrag, Mesag en Abednego vas te bind en hulle in die brandende oond te gooi. 21Hulle is toe vasgebind en sommer met hulle hemde, broeke en kopdoeke, met al hulle klere, in die brandende oond gegooi. 22Omdat die koning se opdrag so streng was, was die oond so verskriklik warm dat die manne wat vir Sadrag, Mesag en Abednego moes ingooi, deur die vlamme doodgebrand is. 23Maar die drie manne, Sadrag, Mesag en Abednego, het vasgebind binne-in die brandende oond geval.

24Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: "Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie?"

En hulle sê vir hom: "Dit is so, U Majesteit!"

25Hy sê toe: "Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n hemelwese!"

26Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe gekom en geroep: "Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit hierheen!"

En Sadrag, Mesag en Abednego het uit die oond uitgekom.

27Toe die goewerneurs-generaal, die goewerneurs, die administrateurs en die raadgewers van die koning nader kom, sien hulle aan die manne dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie.

28Toe sê Nebukadnesar: "Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe húlle God te dien of te aanbid. 29Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie."

30Die koning het toe gesorg dat dit voorspoedig gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel.

**1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat jou oog gevang het terwyl jy daardeur gelees het.**

**2. Waaroor wonder jy soos wat jy deur die teks gelees het?**

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

**3. Skryf 'n belofte(s) of waarheid oor wie God is neer wat jy raaklees in die verse.**

________________________________________

________________________________________



____________________________________

____________________________________

4. Het jy al vervolging of ellende beleef soos God se kinders in die skrif van vandag? Skryf voorbeelde neer bv. Verjaag / verstoot / uitgelag / verraai / jalousie / minagting.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou wys of leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Trek 'n sikel om die vers(e) wat jou geloof stig of opbou.

7. Watter waarheid oor wie God is, besef/leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

8. Kleur die verse in ('highlight') wat die drie manne van God se geloof uitbeeld of vir jou wys dat hulle onwrikbaar glo in God se Almag.

9. Hoe en waar in jou eie lewe, kan jy meer praat met geloof soos Daniel en sy drie vriende gedoen het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 8 EFESIËRS 6

### Ouers en kinders

1Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. 2"Eer jou vader en jou moeder" is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 3"sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."

4En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

### Eienaars en slawe

5Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. 6Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. 7Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. 8Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.

9En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.

### Die Christen se wapenrusting

10Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

14Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

18Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

### Slotwoord

21Tigikus, die medegelowige wat ek baie liefhet, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen. 22Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en, sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem.

23Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! 24Die genade sal by almal wees



wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight)' oral waar jy opdragte raaklees hoe 'n kind van God moet optree/leef.

3. Skryf 'n opdrag neer wat jy voel God vir jou gee vanuit hierdie Bybelgedeelte.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur die verse wat beskryf waar jou teenspoed, stryd en ongeluk EINTLIK van afkomstig is?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Het jy iets nuuts raakgelees of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Trek 'n sirkel om die verse waar daar oor gebed geskryf word.

7. Skryf 'n vers of sin vanuit die verse neer wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 9 SPREUKE 12

1Wie hom laat leer, wil graag kennis ontvang; wie hom nie laat teregwys nie, is 'n dom mens.

2Die Here hou van 'n goeie mens, maar Hy veroordeel 'n slinkse mens.

3Niemand wat 'n verkeerde lewe lei, hou stand nie; wie die wil van die Here doen, staan stewig.

4'n Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos vretende kanker.

5Die mening van regverdiges kan die toets van die reg deurstaan; die slim raad van goddeloses is onbetroubaar.

6Goddeloses stel met wat hulle sê, dodelike hinderlae vir ander; opregte mense red ander met wat hulle sê.

7Goddeloses val en dit is klaar met hulle; die nageslag van die regverdiges bestaan voort.

8'n Mens word geprys vir sy insig en uitgelag as hy nie verstandig dink nie.

9Liewer gering geag word en tog 'n slaaf besit as jou vernaam aanstel en nie kos hê om te eet nie.

10Die regverdige sorg goed vir sy diere, maar die goddeloses is wreed.

11Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, het nie verstand nie.

12Die goddelose soek sy veiligheid in verkeerde dade; die regverdiges staan vanself vas.

13'n Slegte mens stel vir homself 'n strik met sy opruiende woorde; wie reg doen, ontkom uit die nood.

14'n Mens kan voorspoedig word deur altyd die regte woorde te gebruik, of hy kan die vrug geniet van wat hy met sy hande doen.

15In die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad.

16'n Dwaas wys dadelik dat hy beledig voel; 'n verstandige mens laat nie blyk dat hy gekrenk is nie.

17Wie die waarheid aan die lig bring, lewer betroubare getuienis; 'n getuie wat lieg, maak alles vals.

18Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê.

19Die waarheid hou vir altyd, die leuen net 'n oomblik.

20Dié wat op kwaad uit is, doen dit omdat hulle vals is; dié wat beraadslaag vir vrede en voorspoed,doen dit met vreugde.

21Geen leed sal die regverdige tref nie; goddeloses beleef ramp op ramp.

22Die Here het 'n afsku van leuenaars; Hy hou van betroubare mense.

23'n Verstandige mens loop nie te koop met sy kennis nie; dwase basuin hulle dwaasheid uit.

24Hardwerkende mense kom in magsposisies; lui mense word dwangarbeiders.

25Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.

26Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur 'n vriend; die goddeloses verdwaal op die pad wat hulle self kies.



27Die luiaard gaan vang nie eens wild om te braai nie; 'n hardwerkende mens versamel kosbare besittings.

28Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie.

1. Kleur 'n vers of verse in, wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was een van die Prediker se kerngedagtes toe hy hierdie stuk geskryf het?

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

3. Kies 'n vers/sin wat 'n opdrag van God aan jou, Sy kind beskryf.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap of leefwyse neer wat jy opmerk vanuit hierdie Bybelgedeelte, wat jy graag sal wil nastreef.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat het jy nuut geleer uit Prediker 12 vandag? Dalk het jy net weer opnuut iets besef terwyl jy so deur die Bybelgedeelte gelees het – skryf dit neer.


________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________



# Dag 10 MARKUS 7

### Die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte

1Die Fariseërs en sommige skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, kom toe by Jesus. 2Hulle het gesien party van sy dissipels eet hulle kos met onrein hande, dit is met hande wat nie gewas is nie.

3Die Fariseërs, en tewens die Jode oor die algemeen, eet immers nie as hulle nie eers hulle hande behoorlik gewas het nie. So hou hulle hulle aan die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte. 4En wanneer hulle van die dorp af kom, eet hulle nie as hulle nie eers gewas het nie. Daar is ook nog baie ander oorgelewerde gebruike waaraan hulle hulle hou soos hoe om koppies, bekers, bakke en stoele te was.

5Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra Hom toe: "Waarom handel u dissipels nie volgens die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte nie en eet hulle met onrein hande?"

6Hy antwoord hulle: "Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is skynheiliges, soos daar geskrywe staan:

"Hierdie volk eer My met hulle mond,maar hulle hart is ver van My af.

7Dit help niks dat hulle My probeer diendeur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie.

8"Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas."

9Hy het verder vir hulle gesê: "Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou. 10Moses het gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' en: 'Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.' 11Maar julle sê: 'Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige gawe wat u van my sou kon kry, is korban,' dit wil sê: 'n offergawe vir God. 12En so laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir sy pa of sy ma te doen nie. 13So ontneem julle die woord van God sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen."

### Wat 'n mens onrein maak

14Daarna het Jesus weer die menigte nader geroep en vir hulle gesê: "Luister julle almal hier na My en verstaan dit goed: 15Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dít maak hom onrein."

17Toe Hy van die menigte af weer huis toe gegaan het, het sy dissipels Hom oor hierdie beeldspraak uitgevra. 18Hy sê toe vir hulle: "So, dan verstaan julle dit ook nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie, 19omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?"

Daarmee het Hy alle kos rein verklaar.

20"Maar," het Hy verder gesê, "wat van binne af uit 'n mens kom, dít maak 'n mens onrein. 21Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord, 22owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpratery, hoogmoed, ligsinnigheid. 23Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein."

### Die Siro-Fenisiese vrou

24Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan weggegaan na die gebied van

Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis tuis
gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand dit te
wete moes kom nie. Tog kon Hy nie
onopgemerk bly nie. 25'n Vrou wie se
dogtertjie van 'n onrein gees besete was,
het gou van Hom te hore gekom. Sy het
gekom en voor sy voete
neergeval. 26Hierdie vrou was 'n Griek wat
in Siro-Fenisië gebore is. Sy het Hom gevra
om die bose gees uit haar dogter uit te
drywe. 27Maar Hy het vir haar gesê: "Wag
dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie
mooi om die kinders se kos te vat en vir die
hondjies te gooi nie."

28Sy het Hom geantwoord: "Here, die
hondjies eet darem onder die tafel die
kindertjies se oorskiet."

29Toe sê Hy vir haar: "Op grond van wat jy
gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die
bose gees het al klaar uit jou dogter
uitgegaan."

30Toe sy by die huis kom, kry sy haar kindjie
op die bed lê en die bose gees was al klaar
uit haar uit.

### Jesus genees 'n doofstom man

31Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg
en deur Sidon na die See van Galilea toe in
die gebied van Dekapolis. 32Die mense
bring toe 'n dowe man wat ook 'n
spraakgebrek het na Hom toe en vra Hom
om tog sy hand op hom te lê. 33Hy het hom
eers eenkant toe gevat, weg van die mense
af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore
gesteek en spoeg aan sy tong
gesmeer. 34Daarna het Hy na die hemel toe
opgekyk, gesug en vir hom gesê: "Effata!"
Dit beteken: Gaan oop!

35Sy ore het dadelik oopgegaan, die
belemmering van sy spraak het verdwyn, en
hy het reg gepraat. 36Jesus het die mense
belet om dit vir iemand anders te vertel,
maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe
meer het hulle dit verkondig. 37Hulle is
geweldig aangegryp en het gesê: "Alles wat
Hy doen, is goed: die dowes laat Hy hoor en
die stommes laat Hy praat."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat na God se Woord/gebooie/gebod verwys.

3. Noem die rede hoekom Jesus so gekant was deur alles wat die godsdienstige mense/leiers gedoen het. Aan watse hedendaagse optredes kan jy dink, kan ook 'n voorgee wees van hoe 'godsdiensitg' mense is.

Rede: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



5. Skryf 'n opdrag of twee (vanuit vandag se Skrif) wat Jesus/God aan elkeen van Sy kinders gee.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Skryf 'n waarheid of karaktereienskap van Jesus neer, wat jy waarneem vanuit hierdie verse.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Beskryf die mense se emosie en reaksie nadat Jesus 'n wonderwerk gedoen het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



8. Herskryf 'n paar slegte gedagtes wat mense se harte en woorde onrein (vuil/besoedel) maak.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

## Dag 11 HOSEA 11

### My liefde brand te sterk

1Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al
liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit
Egipte geroep.

2Maar toe die Baäls hulle roep, het Israel
My verlaat en vir die Baäls gaan offer, vir
afgodsbeelde offers gebring.

3Ek self het Efraim leer loop, Ek het hulle op
my arms gedra, maar hulle wou nie erken
dat dit Ek is wat vir hulle sorg nie.

4Ek het hulle met sorg en liefde gelei, Ek
was vir hulle soos iemand wat die juk oplig
as dit sy trekdier skaaf. Ek het na Efraim toe
afgebuk en hom gereeld kos gegee, 5want
Ek wou nie hê dat hy weer na Egipte toe
moet teruggaan nie of dat Assirië oor hom
moet heers nie. Maar Efraim het geweier
om hom te bekeer.

6Daarom sal sy stede deur oorlog verwoes
word en sy waarsêers uitgeroei word. Hulle
sal deur die oorlog verteer word oor die
raad wat hulle gegee het. 7Omdat my volk
My verlaat het, sal party van hulle
opgehang word en die ander sal die
slawejuk moet dra, 'n juk wat nie afgegooi
sal word nie!

8Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe
kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou
vernietig soos Adma, met jou maak soos
met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry
nie. My liefde brand te sterk. 9Ek sal my
gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver
gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God,
nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou
is, Ek sal nie met woede ingryp nie.

10Hulle sal die Here volg! Hy sal brul soos 'n
leeu en wanneer Hy brul, sal sy kinders vol
ontsag uit die weste kom. 11Vol ontsag sal
hulle soos voëls uit Egipte vlieg en soos
duiwe uit Assirië.

Ek sal hulle na hulle neste toe terugbring, sê
die Here.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is of uitstaan.

2. Kleur al die woorde in ("highlight') wat verwys na liefde / liefhet.

2. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

3. Fokus op vers 8 en 9. Trek 'n ligte strepie deur, die woorde : Efraim en Israel. Skryf dan jou eie naam bo-op. Lees nou weer die twee verse hardop. Hoe ervaar jy God se stem wanneer jy weer die teks lees met jou naam daarin? Beskryf jou emosie.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



4. Herkryf 'n vers of twee vanuit die teks, wat 'n belofte van God aan jou is.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou persoonlik së vanuit hierdie Bybelgedeelte in Hosea?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

6. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik 'n visuele beeld vorm (waarvan jy 'n prentjie in jou gedagtes kan saamstel.)

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



## Dag 12 FILIPPENSE 4

1Daarom, my broers, moet julle vas staan en getrou bly aan die Here. Ek het julle baie lief en verlang na julle. Julle is my blydskap en my kroon.

Die Christelike lewenswandel

2Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here. 3Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam. Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe staan.

4Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. 6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

8Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. 9En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

### Dank vir liefdegawes van die gemeente

10Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad om iets te doen nie. 11Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. 12Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. 13Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee. 14Nietemin het julle goed gedoen deur my in my moeilike omstandighede by te staan.

15Julle in Filippi weet ook dat in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en uitgawe nie. 16Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur. 17Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker. 18Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig. 19En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus. 20Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

### Groete

21Groete aan almal wat aan God behoort deur Christus Jesus. Die broers hier by my stuur vir julle groete. 22Ook al die gelowiges en veral dié wat aan die huis van die keiser verbonde is, stuur vir julle groete. 23Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees.



1. Onderstreep 'n vers of twee wat vandag met jou hart praat.

2. Beklemtoon ('highlight') die dele wat opdragte is vir God se kinders.

3. Kies 'n vers en skryf dit oor, wat vir jou 'n motivering is om daarvolgens te lewe. Verduidelik hoekom hierdie vers jou stig of rustig maak.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Het jy 'n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of së deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Noem nog 'n goeie Goddelike lewenswyse wat Paulus in hierdie skrifgedeelte noem, waarin jy kan baatvind om jou eie te maak.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 13 NUMERI 17

## Aäron se kierie

1Die Here het vir Moses gesê: 2“Vra vir die
Israeliete twaalf kieries, een vir die leier van
elkeen van die twaalf stamme. Skryf die
naam van elke leier op sy kierie. 3Op Levi se
kierie moet jy Aäron se naam skryf. Daar
moet net een kierie vir elke stam wees. 4Sit
die kieries dan voor die getuienis in die tent
van ontmoeting, waar Ek julle
ontmoet. 5Die kierie van die man wat Ek
uitkies, sal bot, en so sal Ek 'n einde maak
aan die Israeliete se aanhoudende verset
teen julle.”

6Moses het toe met die Israeliete gepraat,
en hulle leiers het vir hom twaalf kieries
gegee, een vir die leier van elkeen van die
twaalf stamme. Aäron se kierie was ook
onder hulle. 7Moses het toe die kieries
neergesit in die tent met die getuienis, in
die teenwoordigheid van die Here.

8Toe Moses die volgende môre by die tent
met die getuienis kom, was daar botsels aan
die kierie van Aäron, wat daar was vir die
stam Levi. Trouens, daar was nie net botsels
aan nie, daar was ook bloeisels en dit het
selfs ryp amandels gedra. 9Moses het toe al
die kieries wat in die heiligdom was, na
Israel toe uitgebring, en hulle het dit gesien,
en elke leier het sy eie kierie gevat. 10Die
Here sê toe vir Moses: “Sit Aäron se kierie
terug voor die getuienis, en bêre dit as
teken vir die opstandiges. So moet jy 'n
einde maak aan hulle verset teen My, sodat
hulle nie sterwe nie.”

11Moses het gedoen presies soos die Here
hom beveel het. 12Die Israeliete het toe vir
Moses gesê: “Dit is klaar met ons! Ons gaan
tot niet, ons gaan almal tot niet! 13Elkeen
wat maar net naby die tabernakel van die
Here kom, sal sterwe. Is dit dan heeltemal
klaar met ons?”

.

**1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan of interessant is.**

**2. Beklemtoon (‘highlight’) die opdrag wat God aan Moses gegee het.**

**3. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n prentjie van te maak).**

**4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?**

**5. Wat voel jy, wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?**



6. Hoe dink jy kan jy Moses se voorbeeld (vanuit hierdie verse) navolg en op watse wyse kan jy dit doen?

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________


7. Skryf 'n paar karaktereienskappe van God neer wat jy waarneem in vandag se Skrifgedeelte.

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________

_____________________________________



## Dag 14 1 TESSALONISENSE 4

### 'n Lewe volkome aan God toegewy

1En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe. 2Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. 3Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. 4Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; 5julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie. 6Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys. 7God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. 8Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.

9Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê. 10En dit doen julle dan ook teenoor al die broers in die hele Masedonië. Ons versoek julle egter dringend, broers: Lê julle nog meer daarop toe. 11Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het. 12Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie.

### Die opstanding uit die dood

13Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. 14Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.

15Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. 16Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; 17daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.

18Troos mekaar dan met hierdie woorde.

**1. Verhelder 'n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou hart praat.**

**2. Skryf 'n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.**

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Wat kom jy vir die eerste keer agter nadat jy hierdie stuk gelees het of wat besef jy opnuut nadat jy hierdie Skrif deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou sê of leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Trek 'n sirkel om die verse wat beskryf wat die wil van God is beskryf, oor hoe Hy wil hê ons, sy kinders moet lewe.

6. Skryf 'n paar versoeke van Paulus neer, wat hy aan God se kinders (jou) vra, oor hoe om te lewe.


____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 15 PSALMS 46

**God is vir ons 'n toevlug**

1Vir die koorleier. Van die Koragiete. Op die wysie van “Jong Vroue”. 'n Lied.

2God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming;

Hy was nog altyd bereid om te help in nood.

3Daarom is ons nie bang nie,

al gee die aarde pad,

al skuif die berge tot in die dieptes van die see,

4al druis en skuim die waters van die see,

al skud die berge deur sy onstuimigheid.*Sela*

5Oor die strome van die rivier is daar blydskap in die Godstad,

in die heilige woning van die Allerhoogste.

6God is daar; die stad sal nie wankel nie.

God sal hom help nog voor die môre kom.

7Nasies kan raas en koninkryke wankel,

maar as God sy stem laat hoor,

smelt die aarde weg.

8Die Here, die Almagtige, is by ons,

die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.*Sela*

9Kom kyk wat die Here gedoen het,

watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring:

10die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou,

pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend,

oorlogswaens verbrand Hy met vuur.

11Bedaar en erken dat Ek God is,

hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

12Die Here, die Almagtige, is by ons,

die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.*Sela*

1. **Kleur ‘n paar verse in, wat jou hart aanraak.**

2. **Beskryf (in een sin) die hoofdoel of kerngedagte van die Psalmis toe hy hierdie Psalm geskryf het.**

3. **Skryf ‘n vers of twee neer wat ‘n waarheid oor God beskryf (wie Hy is/ hoe Hy optree).**

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap(pe) van God neer wat jy opmerk in hierdie Psalm.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________


5. Nadat jy deur Psalm 46 gelees het, waarvan het jy vandag weer opnuut bewus geword?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



6. Skryf 'n paar woorde vanuit die Psalm neer, wat jou veilig, rustig, beskermd en kalm laat voel.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

# Dag 16

2 KONINGS 18



### Hiskia koning van Juda

1In die derde regeringsjaar van koning Hosea van Israel, seun van Ela, het Hiskia seun van koning Agas van Juda op die troon gekom. 2Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Abi, 'n dogter van Sagaria. 3Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvader Dawid gevolg.

4Hiskia het die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap. Hy het ook die koperslang wat destyds deur Moses gemaak is, laat stukkend slaan, want tot nou toe het die Israeliete die koperslang met offers vereer. Die slang is Negustan genoem.

5Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie. 6Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het. 7Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het.

Hy het in opstand gekom teen die koning van Assirië en was nie meer aan hom onderdanig nie. 8Hy het die Filistyne verslaan en hulle teruggedryf, wagpos vir wagpos, vestingstad vir vestingstad, tot by Gasa en die gebied daar rondom.

### Die val van Samaria

9In die vierde regeringsjaar van koning Hiskia, die sewende regeringsjaar van koning Hosea van Israel, seun van Ela, het koning Salmaneser van Assirië teen Samaria opgetrek en die stad beleër. 10Hy het die stad na drie jaar ingeneem, in die sesde regeringsjaar van Hiskia. In die negende regeringsjaar van koning Hosea van Israel is Samaria verower. 11Die koning van Assirië het die inwoners van Israel as gevangenes na Assirië toe weggevoer en hulle hervestig in Galag en aan die Gaborrivier in Gosan en in die stede van Medië. 12Dit was omdat die inwoners van Israel nie gehoorsaam was aan die Here hulle God nie. Hulle het die verbondsverpligtinge wat die Here op hulle gelê het, alles wat Moses die dienaar van die Here hulle beveel het, oortree. Hulle was ongehoorsaam en het die bevele nie uitgevoer nie.

### Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib

13In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia het koning Sanherib van Assirië al die vestingstede in Juda aangeval en verower. 14Koning Hiskia van Juda het toe vir die koning van Assirië in Lakis laat weet: “Ek het verkeerd gedoen. Trek u manskappe terug, ek sal betaal wat u vra.”

Die Assiriese koning het koning Hiskia van Juda toe beboet met iets meer as tien ton silwer en een ton goud. 15Hiskia moes al die silwer wat in die huis van die Here en in die skatkamers van die paleis was, afgee. 16Terselfdertyd moes hy die goudbeslag wat hy self laat aanbring het, van die deure van die tempel van die Here en van die deurposte afstroop om die koning van Assirië te betaal.

17Daarna het die koning van Assirië die hoof van sy leër en sy hoofamptenaar en sy hoofadjudant met 'n groot leërmag uit Lakis na koning Hiskia toe in Jerusalem gestuur. Hulle het na Jerusalem toe opgetrek en toe hulle daar aankom, het hulle posisie ingeneem langs die kanaal van die boonste dam, langs die pad na die Bleikveld

toe. 18Hulle het na die koning geroep, en toe het die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf na hulle toe gegaan.

19Toe sê die hoofadjudant vir hulle: "Sê vir Hiskia: So sê die groot koning van Assirië: Waarop berus hierdie vertroue van jou? 20Jy dink woorde alleen is genoeg vir strategie en militêre mag. Op wie vertrou jy dat jy in opstand is teen my? 21Jy vertrou op Egipte, op 'n versplinterde riet wat jou in die hand steek en jou seermaak as jy op hom leun. Dit is wat die farao, die koning van Egipte, beteken vir almal wat op hom vertrou. 22En as julle vir my wil sê julle vertrou op die Here julle God, dit is mos Hy wie se hoogtes en altare Hiskia laat verwoes het toe hy vir Juda en Jerusalem gesê het: 'Julle moet net by hierdie altaar in Jerusalem aanbid.' 23Wil jy 'n ooreenkoms aangaan met my koning, die koning van Assirië? Ek gee jou twee duisend perde: sal jy die ruiters vir hulle kan voorsien? 24Hoe sal jy weerstand kan bied teen één goewerneur, één van my koning se onbelangrikste amptenare? En dan vertrou jy op Egipte vir strydwaens en perde! 25Buitendien, ek het nie sonder die Here opgetrek teen hierdie plek om dit te verwoes nie; die Here het vir my gesê: Trek op teen daardie land en verwoes dit."

26Toe sê Eljakim seun van Gilkija, en Sebna en Joag vir die hoofadjudant: "Praat tog asseblief met ons Aramees, ons verstaan dit, maar moenie met ons Judees praat dat die manskappe op die muur dit kan verstaan nie."

27Maar die hoofadjudant sê vir hulle: "Dink julle my koning het my net na julle koning en na julle toe gestuur om dié dinge te sê, en nie ook na die manne wat op die muur sit nie? Hulle sal hulle eie ontlasting moet eet en hulle eie urine moet drink, net soos julle!"

28Toe gaan staan die hoofadjudant en hy skree hard in Judees: "Luister wat die groot koning sê, die koning van Assirië! 29So sê die koning: Moenie dat Hiskia julle mislei nie! Hy kan julle nie uit my mag red nie. 30En moenie dat Hiskia julle op die Here laat vertrou nie. Hy sê: 'Die Here sal ons sekerlik red; dié stad sal nie oorgegee word in die mag van die koning van Assirië nie.' 31Moenie na Hiskia luister nie, want só sê die koning van Assirië: Maak vrede met my en kom uit na my toe, dan sal elkeen die vrugte van sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom eet en uit sy eie put water drink 32tot ek kom en julle wegvat na 'n land toe net soos julle land. Dit is 'n land met koring en wyn, 'n land met kos en wingerde, 'n land met olyfolie en heuning. Dan sal julle lewe, julle sal nie sterwe nie. Moenie na Hiskia luister nie. Hy bedrieg julle as hy sê die Here sal julle red. 33Kon die gode van die ander nasies hulle lande red uit die mag van die koning van Assirië? 34Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van Sefarwajim, Hena en Awwa? Kon hulle Samaria uit my mag bevry? 35Wie van al die gode van die ander lande kon sy land uit my mag red? Dan sal die Here mos nie Jerusalem uit my mag kan red nie!"

36Die manskappe het stilgebly en nie geantwoord nie, want die koning het hulle beveel om nie te antwoord nie.

37Die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf het hulle klere geskeur en is terug na Hiskia toe om hom te vertel wat die hoofadjudant gesê het.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Kleur al die dele in ('highlight') wat wys dat Hiskai 'n lewende verhouding met God gehad het.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waarvan dink jy wil God jou bewus maak deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Beskryf 'n mooi karaktereienskap van Hiskia wat jy sal wil nastreef.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Beskryf 'n karaktereienskap van God wat jy in hierdie verhaal waarneem.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Wat was die gevolg van Hikia se verhouding met God (vers 7). Kan jy sê dat dit dieselfde is met jou, omdat jy ook vir God liefhet?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 17 MATTEUS 14

## Die dood van Johannes die Doper

1Daardie tyd het Herodes, die heerser,
gehoor wat van Jesus vertel word, 2en hy
het vir sy paleispersoneel gesê: "Maar dit is
mos Johannes die Doper! Hy is uit die dood
opgewek, daarom werk die kragte in hom!"

3Vroeër het Herodes vir Johannes laat vang,
laat boei en in die tronk laat opsluit. Dit het
hy gedoen oor Herodias die vrou van sy
broer Filippus, 4want Johannes het vir
Herodes gesê: "U mag haar nie as vrou vat
nie." 5Herodes wou hom daaroor
doodmaak maar was tog bang vir die
mense, omdat hulle hom as 'n profeet
beskou het.

6Met Herodes se verjaarsdagviering het die
dogter van Herodias voor die gaste gedans.
Herodes was so in sy skik met haar 7dat hy
'n eed afgelê het dat hy vir haar sal gee net
wat sy vra. 8Haar ma het haar voorgesê en
sy het gevra: "Gee vir my hier in 'n skottel
die kop van Johannes die Doper."

9Hieroor het die koning baie sleg gevoel,
maar vanweë die eed wat hy voor die gaste
afgelê het, het hy opdrag gegee dat aan
haar versoek voldoen moet word. 10Hy het
iemand gestuur en Johannes in die tronk
laat onthoof. 11Hulle het sy kop in 'n skottel
ingebring en aan die meisie gegee, wat dit
na haar ma toe gevat het. 12Sy dissipels het
sy liggaam kom haal en begrawe; en hulle
het dit vir Jesus gaan vertel.

## Die eerste vermeerdering van die brood

13Toe Jesus dit hoor, het Hy met 'n skuit
daarvandaan weggegaan na 'n stil plek om
alleen te wees. Die mense het hiervan
gehoor en Hom van die dorpe af te voet
gevolg. 14Toe Hy uit die skuit klim, het Hy
die groot menigte mense daar gesien. Hy
het hulle innig jammer gekry en die siekes
onder hulle gesond gemaak.

15Toe dit al aand begin word, het sy
dissipels vir Hom kom sê: "Dit is 'n afgeleë
plek en dit het al laat geword. Stuur die
mense terug dat hulle vir hulle kan gaan kos
koop in die dorpe."

16Maar Jesus sê vir hulle: "Hulle hoef nie
weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om
te eet."

17Hulle sê toe vir Hom: "Ons het hier net
vyf brode en twee visse."

18"Bring dit vir My hier," sê Hy.

19Hy het die menigte beveel om op die
groen gras te gaan sit om te eet. Toe neem
Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op
na die hemel en vra die seën. Daarna het Hy
die brood gebreek en dit aan sy dissipels
gegee, en hulle het dit aan die mense
gegee. 20Al die mense het geëet en genoeg
gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol
bymekaargemaak van die stukke brood wat
oorgebly het. 21Daar was omtrent vyf
duisend mans wat geëet het, afgesien van
die vrouens en kinders.

## Jesus loop op die see

22Net daarna het Jesus sy dissipels in die
skuit laat klim om solank voor Hom uit te
vaar na die oorkant toe terwyl Hy nog eers
die mense huis toe laat gaan. 23Nadat Hy
die mense weggestuur het, het Hy alleen na
die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand
word, was Hy daar alleen.

24Die skuit was reeds 'n paar kilometer van
die kus af en is deur die golwe geteister,
want die wind was van voor. 25Met
dagbreek die volgende môre het Hy op die
see na hulle toe aangeloop gekom. 26Toe sy
dissipels Hom op die see sien loop, het hulle

groot geskrik en gesê: "Dis 'n spook!" Van angs het hulle hard begin skreeu.

27Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie."

28Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom."

29"Kom!" sê Hy.

Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom. 30Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: "Here, red my!"

31Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"

32Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê. 33Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gesê: "U is waarlik die Seun van God."

### Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret

34Hulle het toe land toe gevaar en by Gennesaret aan wal gegaan. 35Net toe die mense van daardie plek agterkom wie Hy is, het hulle boodskappers deur daardie hele omgewing gestuur, en die mense het almal wat ongesteld was, na Hom toe gebring. 36Hulle het Hom gevra dat die siekes tog maar net aan die soom van sy klere mag raak. En almal wat dit gedoen het, het gesond geword.

1. Omkring 'n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur ('highlight') al Jesus se woorde.

3. Skryf 'n sin of twee neer wat jy glo die Skrifgedeelte opsom of saamvat. Begin met:

Jesus ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4. Skryf iets neer waaroor jy wonder nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte? Skryf 'n paar punte neer.


______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



6. Waarvan het jy vandag opnuut bewus geword ?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

7. Watse sin/ verse laat jou besef dat Jesus baie ongegee het oor die mense om Hom?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

8. Jesus het ook 'stiltetyd' met Sy Vader spandeer. Wat het Jesus gedoen in hierdie tyd en waarheen het Hy gegaan (vers 23). Hoe vergelyk dit met jou stil-word tye met God daagliks?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

9. Beskryf die dissipels se reaksie na Jesus se wonderwerk op die water. Hoe sal dit verskil of dieselfde wees as jou reaksie wanneer jy dit waarneem?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________



# Dag 18 NUMERI 21

## Die Kanaäniete word verslaan

1Toe die Kanaänitiese koning Arad wat in die Suidland woon, verneem dat Israel in die rigting van Atarim optrek, het hy teen hulle gaan veg en 'n aantal van hulle gevange geneem. 2Israel het 'n gelofte aan die Here gedoen: "As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as banoffers aan U offer."

3Die Here het die gebed verhoor en die Kanaäniete in Israel se mag oorgegee. Hulle het toe die Kanaäniete verslaan en hulle stede heeltemal verwoes. Daarom word die plek Gorma genoem.

## Die koperslang

4Om by die gebied van Edom verby te kom, het die Israeliete van Horberg af in die rigting van die Rietsee getrek. Op pad daarheen het die volk ongeduldig geword 5en teen God en Moses uitgevaar: "Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos."

6Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf. 7Toe kom die volk na Moses toe en bely: "Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het. Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem."

Moses het toe vir die volk gebid, 8en die Here het vir Moses gesê: "Maak 'n beeld van 'n giftige slang en sit dit op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe."

9Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. As iemand wat deur 'n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef.

## Die verdere reis na Moab toe

10Die Israeliete het weggetrek en by Obot kamp opgeslaan. 11Daarvandaan het hulle versit en kamp opgeslaan by Ije-Abarim in die woestyn regoor Moab, aan die oostekant. 12Hulle het daarvandaan weggetrek en kamp opgeslaan in die Seredvallei.

13Daarvandaan het hulle weer versit en kamp opgeslaan langs die Arnonrivier wat uit die gebied van die Amoriete deur die woestyn loop. Die Arnon is die grens tussen Moab en die Amoriete. 14Daarom lees ons in die Boek van die Oorloë van die Here:

"By Waheb in Sufa en by die spruite, by die Arnon,

15teen die hange langs die spruite

wat strek tot by die gebied van Ar

en grens aan die gebied van Moab."

16Daarvandaan het Israel verder getrek tot by Beër. Dit is die Beër waar die Here vir Moses gesê het: "Laat die volk bymekaarkom en Ek sal vir hulle water uit die put gee."

17Israel het toe hierdie lied gesing:

"Put, lewer jou water,

en ons sal daarvan sing!

18Put wat deur leiers gegrawe is,

wat deur vernames van die volk oopgemaak is

met septer en kierie."



Van die woestyn af is die Israeliete na Mattana toe, 19van Mattana af na Nagaliël toe, van Nagaliël af na Bamot toe, 20en van Bamot af na die vallei in die gebied van Moab, naby die top van Pisgaberg wat afkyk op die droë wêreld.

### Oorwinnings oor Sihon en Og

21Die Israeliete het boodskappers gestuur na koning Sihon van die Amoriete toe met die versoek: 22“Laat ons toe om deur u land te trek. Ons sal nie afdraai na die lande of die wingerde toe nie, en ons sal ook nie water uit die putte drink nie. Ons sal net met die Koningspad langs trek totdat ons deur u gebied is.”

23Sihon wou Israel egter nie toelaat om deur sy gebied te trek nie. Hy het al sy manskappe opgeroep en Israel in die woestyn tegemoet getrek. Toe Sihon by Jahas kom, het hy Israel aangeval. 24Israel het hom egter verslaan en sy land beset van die Arnon af tot by die Jabbok, tot by die Ammoniete, wie se grens goed versterk was.

25Die Israeliete het al die stede van die Amoriete verower en daarin gaan woon, ook in Gesbon en al sy buitedorpe.

26Gesbon was die stad van koning Sihon van die Amoriete. Sihon het teen 'n vorige koning van Moab oorlog gemaak en sy hele gebied tot aan die Arnon van hom afgevat. 27Daarom sê die digters:

“Kom na Gesbon toe, bou dit weer op,

herstel die stad van Sihon.

28Daar het 'n vuur uit Gesbon uit gegaan,

'n vlam uit die stad van Sihon,

en dit het Ar-Moab verteer

wat die Arnonhoogtes beheer.

29Dis klaar met jou, Moab,

jy gaan tot niet, volk van Kemos!

Hy moes sy seuns as vlugtelinge prysgee,

sy dogters as gevangenes aan koning Sihon van die Amoriete!

30Maar nou het ons op hulle losgetrek:

Gesbon se gebied is verwoes tot by Dibon,

ons het hulle uitgeroei tot by Nofag,

tot by Medeba.”

31So het Israel dan in die land van die Amoriete gaan woon. 32Moses het manne gestuur om Jaser te gaan verken. Hulle het Jaser en sy buitedorpe ingeneem en die Amoritiese inwoners verdryf. 33Hulle het toe weggedraai en in die rigting van Basan getrek. Koning Og van Basan het hulle tegemoet getrek met sy hele leërmag en hulle by Edreï aangeval.

34Die Here het vir Moses gesê: “Moenie vir hom bang wees nie. Ek gee hom met sy hele leër en sy land in jou mag oor. Doen met hom soos jy gedoen het met koning Sihon van die Amoriete wat in Gesbon gewoon het.”

35Die Israeliete het vir Og saam met sy seuns en sy hele leër verslaan. Nie een van sy mense het oorgebly nie. Die Israeliete het ook sy land in besit geneem.

**1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Kleur verse in (‘highlight’) wat die volk se ongehoorsaamheid beskryf.**

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê of leer deur hierdie Skrifgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Van watter karaktereienskap van God word jy bewus terwyl jy deur hierdie verse gelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 19 LUKAS 23

## Jesus voor Pilatus

1Daarna het die hele vergadering opgestaan en Jesus na Pilatus toe gebring. 2Daar het hulle die aanklag teen Hom begin deur te sê: "Ons het bevind dat hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om aan die keiser belasting te betaal en beweer dat hy die Christus, die koning, is."

3Pilatus vra Hom toe: "Is jy die koning van die Jode?"

Hy antwoord hom: "Dit is soos u sê."

4Daarop sê Pilatus vir die priesterhoofde en die skare: "Ek vind geen skuld in hierdie man nie."

5Maar hulle het sterker aangedring en gesê: "Die hele Joodse land deur stook hy die volk op met sy leer. Hy het van Galilea af begin en tot hier daarmee gekom."

## Jesus voor Herodes

6Toe Pilatus dit hoor, vra hy of die man dan 'n Galileër is. 7Nadat hy te wete gekom het dat Jesus uit die magsgebied van Herodes afkomstig was, het hy Hom na Herodes toe gestuur, wat juis in daardie tyd self in Jerusalem was.

8Herodes was baie bly om Jesus te sien. Omdat hy soveel van Hom gehoor het, het hy al 'n geruime tyd die begeerte gehad om Hom te sien. Hy het ook gehoop om Hom een of ander wonderwerk te sien doen. 9Hy het allerlei vrae aan Hom gestel, maar Jesus het hom niks geantwoord nie. 10Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes het Hom heftig gestaan en beskuldig. 11Herodes en sy soldate het Hom toe met veragting behandel. Hy het Hom 'n deftige kleed laat omhang, met Hom die spot gedryf en Hom daarna na Pilatus toe teruggestuur.

12Op daardie dag het Herodes en Pilatus vriende geword. Voorheen was daar kwaaivriendskap tussen hulle.

## Pilatus lewer Jesus uit om gekruisig te word

13Daarna het Pilatus die priesterhoofde, die lede van die Joodse Raad en die volk bymekaar geroep 14en vir hulle gesê: "Julle het hierdie man voor my gebring as 'n opruier van die volk. Nou het ek in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie man geen grond gevind vir die aanklag wat julle teen hom inbring nie. 15Herodes het ook nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur. Hy het beslis niks gedoen wat die dood verdien nie. 16Ek sal hom dus laat gesel en dan loslaat."

18Maar soos een man het hulle geskreeu: "Weg met hom! 19Laat Barabbas vir ons los!"

Barabbas was in die tronk oor 'n opstand in die stad en oor moord.

20Omdat Pilatus vir Jesus wou loslaat, het hy weer met hulle gepraat, 21maar hulle het aanhoudend uitgeroep: "Kruisig, kruisig hom!"

22Die derde keer sê Pilatus vir hulle: "Watter kwaad het die man gedoen? Ek het in hom niks gekry wat die doodstraf regverdig nie. Ek sal hom dus laat gesel en dan loslaat."

23Hulle het egter met 'n harde geskreeu aangehou om te eis dat Jesus gekruisig moes word, en met hulle geskreeu het hulle die oorhand gekry. 24Pilatus het toe besluit dat aan hulle eis voldoen moes word. 25Die man wat oor opstand en moord in die tronk was, het hy vrygelaat, soos hulle geëis het,

maar vir Jesus het hy uitgelewer, soos hulle
wou hê.

### Jesus word gekruisig

26Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n
sekere Simon van Sirene, wat toe net van
buite die stad af gekom het, en sit die kruis
op hom om dit agter Jesus aan te dra.

27'n Groot menigte van die volk het agter
Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat
oor Hom getreur en gehuil het. 28Maar
Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê:
“Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil
nie, huil oor julleself en julle
kinders, 29want daar kom dae waarin hulle
sal sê: ‘Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue
en dié wat nooit 'n kind in die wêreld
gebring het of gevoed het nie.’

30“Dan sal hulle vir die berge sê:

“ ‘Val op ons!’



“en vir die heuwels:

“ ‘Bedek ons!’

31“As hulle dit met die groen hout doen,
wat sal dan met die droë hout gebeur?”

32Daar is ook twee ander, albei
misdadigers, weggelei om saam met Jesus
tereggestel te word.

33Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen
genoem word, het hulle Hom daar saam
met die misdadigers gekruisig, die een aan
sy regter- en die ander een aan sy
linkerkant. 34Toe sê Jesus: “Vader, vergeef
hulle, want hulle weet nie wat hulle doen
nie!”

Hulle het sy klere verdeel deur te loot.

35Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle
raadslede het Hom ook uitgelag en gesê:
“Ander het hy gered. Laat hy homself red as
hy die Christus is wat deur God uitverkies
is.”

36Ook die soldate het vorentoe gekom en
Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn
aangebied 37en gesê: “As jy die koning van
die Jode is, red jouself.”

38Daar was ook 'n opskrif bokant Hom: “Dit
is die koning van die Jode.”

39Een van die misdadigers wat daar gehang
het, het Hom gelaster deur te sê: “Is jy dan
nie die Christus nie? Red jouself en ons
ook!”

40Maar die ander een het hom tereggewys
en gesê: “Is jy nie bang vir God nie? Jy
ondergaan tog dieselfde straf as hierdie
man! 41In ons geval is dit regverdig, want
ons ontvang die verdiende straf vir ons
dade. Maar hierdie man het niks verkeerds
gedoen nie.” 42Verder sê hy: “Jesus, dink
aan my wanneer U in u koninkryk kom.”

43Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou:
Vandag sal jy saam met My in die paradys
wees.”

### Jesus sterwe

44Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom
daar duisternis oor die hele land, en dit het
tot drie-uur geduur; 45die son het opgehou
om te skyn. Die voorhangsel in die tempel
het middeldeur geskeur. 46Jesus het hard
uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my
gees oor.”

Na hierdie woorde het Hy die laaste asem
uitgeblaas.

47Toe die offisier sien wat gebeur het, het
hy God geprys en gesê: “Hierdie man was
werklik onskuldig.”

48Al die mense wat saamgedrom het om na
die skouspel te kyk en gesien het wat daar
gebeur het, het verslae huis toe

gegaan. 49Maar al Jesus se vriende, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan. Hulle het al hierdie dinge gesien.

### Jesus word begrawe

50-51Daar was 'n man met die naam Josef, afkomstig van 'n Joodse dorpie Arimatea. Hy was 'n goeie en opregte man en het die koms van die koninkryk van God verwag. Hoewel hy lid van die Joodse Raad was, het hy nie met hulle besluit en optrede saamgestem nie. 52Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra. 53Nadat hy dit van die kruis afgehaal het, het hy dit in linne toegedraai en in 'n rotsgraf neergelê waarin nog nooit tevore iemand begrawe was nie. 54Dit was Vrydag, en die sabbat het al begin aanbreek.

55Die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het, het saamgeloop en die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam neergelê word. 56Daarna het hulle huis toe gegaan en reukolie en salf reggemaak.

Op die sabbatdag het hulle gerus, soos die gebod bepaal.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang.

2. Kleur die dele in ('highlight') wat Jesus se woorde bevat.



3. Skryf 'n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte beskryf.

4. Watse vraag sal jy graag vir Jesus wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte vandag?

6. Watse karaktereienskap van Jesus, staan vandag vir jou uit?

7. Skryf 'n paar woorde vanuit die Bybelgedeelte van vandag neer, wat jou aanraak.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

8. Skryf 'n vers oor wat vir jou 'n maklike verbeeldingsprentjie vorm terwyl jy dit lees.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

9. Skryf 'n paar woorde neer wat beskryf hoe Jesus verneder en gemartel is gedurende hierdie tyd toe die hoofstuk afgespeel het.


____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 20 1 KONINGS 19

### Elia vlug vir Isebel

1Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, ook dat hy al die profete om die lewe gebring het. 2Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: “Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie.”

3Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. 4Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie.”

5Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: “Word wakker! Eet!”

6Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. 7Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: “Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word.”

8Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.

9Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: “Wat maak jy hier, Elia?”

10Hy antwoord toe: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.”

11Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.”

Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie. 12Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

13Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: “Wat maak jy hier, Elia?”

14Hy het geantwoord: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.”

15Maar die Here sê vir hom: “Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasael salf tot koning van Aram. 16Jy moet ook vir Jehu seun van Nimsi salf tot koning van Israel, en vir Elisa seun van Safat uit Abel-Megola moet jy salf tot profeet om jou op te volg. 17Dan sal dit só wees: wie Gasael se swaard vryspring, Jehu sal hom doodmaak; wie Jehu se swaard vryspring, Elisa sal hom doodmaak. 18Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie.”



19Nadat hy daarvandaan af weggegaan het, kry hy vir Elisa seun van Safat besig om te ploeg met twaalf spanne van twee, terwyl hy self by die agterste span geloop het. Toe Elia by hom verbyloop, gooi Elia sy mantel op hom. 20Hy het sy osse net so gelos en agter Elia aangehardloop en gesê: "Laat ek tog net my pa en ma gaan groet. Dan sal ek saam met u gaan."

Elia antwoord hom toe: "Gaan as jy wil. Ek hou jou mos nie terug nie."

21Toe draai Elisa om en gaan slag twee osse, en met die juk het hy die vleis gebraai en vir sy werksmense gegee om te eet. Daarna het hy saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Kies 'n karakter uit vandag se Bybelhoofstuk en verduidelik hoe jy dieselfde of anders as hy/sys al optree.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Beskryf 'n wonderwerk wat God gedoen het wat jy raaklees in vandag se Bybelverse.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 21 1 TIMOTEUS 2

## Onderrig oor die gebed

1Ek dring daarop aan dat daar in die eerste
plek met smeking, voorbidding en
danksegging gebid moet word vir alle
mense, 2vir dié wat regeer en vir almal wat
gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil
lewe kan lei in volkome toewyding aan God
en in alle eerbaarheid. 3So is dit goed en
aanneemlik vir God, ons Verlosser, 4wat wil
hê dat alle mense gered word en tot kennis
van die waarheid kom. 5Daar is immers net
een God, en daar is net een Middelaar
tussen God en die mense, die mens
Christus Jesus 6wat Homself as 'n losprys
vir almal gegee het. Dit was op die
bestemde tyd die bewys van die bedoeling
van God. 7Met die oog hierop is ek
aangestel as prediker en apostel, as 'n
leraar om die heidennasies te onderrig in
die boodskap van die geloof en die
waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg
nie.

## Pligte van mans en vroue in die gemeente

8Ek wil dus hê dat die mans by elke plek
van samekoms met 'n skoon gewete hande
in gebed tot God moet ophef, vry van
onmin en twis. 9Van die vroue wil ek hê
dat hulle ook in hulle kleredrag waardig,
beskeie en ingetoë moet wees. Hulle
versiering moenie haarkapsels en goud of
pêrels of duur klere wees nie, 10maar
goeie werke, soos dit vroue betaam wat
openlik bely dat hulle God dien. 11'n Vrou
moet in die erediens stil en onderdanig
wees en haar laat leer. 12Ek laat haar nie
toe om daar onderrig te gee of oor die
man gesag uit te oefen nie; sy moet stil
wees. 13Adam is immers eerste gemaak,
Eva daarna. 14Dit is ook nie Adam wat
verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat
verlei het en die gebod oortree
het. 15Maar sy sal haar redding vind in
moederskap, as sy maar volhard in geloof,
liefde en 'n heilige lewe, en daarby beskeie
bly.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Kleur die sinne in (‘highlight’) wat ‘n opdrag bevat oor hoe om te lewe as kind van God.

3. Waaroor wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

4. Waarvan dink jy, wil God vir jou bewus maak of wat wil Hy jou vandag leer deur hierdie Bybelgedeelte?

5. As jy ‘n vraag vir Jesus kon vra, nadat jy vandag se Bybelgedeelte deurgelees het, wat sal dit wees?



____________________________________

____________________________________

6. Beskryf hoe hierdie gedeelte jou leer om te bid.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________

7. Skryf puntsgewys neer vir wie jy almal moet bid, soos die Bybelgedeelte jou leer. Maak regmerkies of verkeerde merkies langs elke punt of jy wel gehoorsaam is en vir hulle bid of nie.

- ________________________________
- ________________________________
- ________________________________



# Dag 22 JEREMIA 15

1Die Here het vir my gesê: Al het Moses en Samuel self by My gepleit, sou Ek geen gevoel vir dié volk gehad het nie. Stuur hulle weg van my teenwoordigheid af, laat hulle gaan. 2En as hulle vir jou vra: "Waar moet ons dan heen?" moet jy vir hulle sê:

So sê die Here: Wie vir pes bestem is, pes toe, wie vir die swaard bestem is, swaard toe, wie vir hongersnood bestem is, hongersnood toe, wie vir ballingskap bestem is, ballingskap toe.

3Ek gee oor hulle opdrag aan vier soorte goed, sê die Here: die swaard om dood te maak, honde om die lyke weg te sleep, voëls en roofdiere om hulle op te vreet en te vernietig. 4Ek maak dié volk iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik. Ek doen dit oor wat koning Manasse van Juda, seun van Hiskia, in Jerusalem gedoen het.

### Ek het my volk met 'n gaffel uitgewan

5Wie sal vir jou jammer wees, Jerusalem,

wie sal medelye met jou hê?

Wie sal afdraai en kom vra hoe gaan dit met jou?

6Jy het My verwerp, sê die Here, jy het al erger geword.

Daarom het Ek my hand teen jou uitgesteek

en jou verwoes. Ek is moeg daarvan om jou straf te bly herroep.

7Ek het my volk met 'n gaffel uitgewan in die stede in die land,

Ek het my volk se kinders weggevat, hom vernietig,

want hy het hom nie bekeer van sy bose lewe nie.

8Ek het sy weduwees meer laat word as die sand van die see, Ek het op jongmanne se moeders helder oordag 'n aanrander laat toesak, Ek het skrik en angs hulle skielik laat oorval.

9Selfs die vrou wat sewe kinders gehad het, het ineengestort en na asem gesnak, haar son het ondergegaan toe dit nog dag was, sy was kinderloos en reddeloos.

En wat daar van die volk oor is, lewer Ek aan sy vyande uit om dood te maak, sê die Here.

### Jeremia: Almal vervloek my

10Ellende het my getref, Ma, toe Ma my in die wêreld gebring het. Ek is 'n man wat dwarsdeur die land mense moet beskuldig en met hulle moet twis. Ek het aan niemand iets geleen nie en by niemand geleen nie, tog vervloek almal my.

11Die Here het belowe: Ek laat jou op die volk los, maar ten goede, Ek sal vir jou by jou vyande voorspraak doen in tyd van nood en rampe.

12Kan 'n mens yster breek, yster uit die noorde, of brons?

### Ek laat ander jou rykdom vat, Israel

13Ek laat ander jou rykdom, jou skatte vat, Israel, nie omdat Ek iets in ruil daarvoor kry nie maar omdat jy dwarsoor jou land gesondig het.

14Ek sal jou deur jou vyande laat wegvoer na 'n land toe wat jy nie ken nie. In my toorn sal daar 'n vuur losbreek, en dit sal jou brand.

Jeremia: Ek kan nie meer op U reken nie

15U weet alles, Here: dink aan my, neem my onder u sorg, straf my vervolgers oor wat hulle aan my doen.

Moet tog nie u toorn laat voortduur en my laat sterf nie; neem tog in ag dat dit oor U is dat ek beledig word.

16Ek het u woorde verslind toe hulle gekom het, hulle was vir my 'n vreugde; ek was bly daaroor dat u Naam oor my uitgeroep is, Here, almagtige God.

17Ek kon nie sit waar daar gesels en gelag word en dit saam geniet nie;

U het my in besit geneem en ek moes alleen sit, vol van die verontwaardiging wat van U af kom.

18Waarom is daar nie 'n einde aan my pyn nie, waarom is my wond ongeneeslik en wil dit nie gesond word nie? Ek kan nie op U reken nie, net so min as op 'n stroom wat nie standhoudend is nie.

Ek sal jou help en jou red

19Die Here het toe gesê: As jy jou woorde terugneem, sal Ek jou weer in my diens neem. As wat jy sê, waarde sal hê en nie onsin sal wees nie, sal jy weer namens My kan praat. Die mense moet jóú volg, nie jy vir hulle nie.

20Ek maak jou vir hierdie volk 'n bronsmuur waardeur hulle nie kan dring nie;

hulle sal teen jou veg, maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou help en jou red.

21Ek sal jou red uit die mag van slegte mense, jou bevry van dié wat op geweld uit is.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Hoe of wat kan jy uit die Jeremia se gebed tot God, leer?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

3. Kleur verse in ('*highlight*') wat: waarhede oor wie God is en hoe Hy optree, beskryf.

4. Wat ervaar jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. Nadat jy deur Jeremia 15 gelees het, van watse goeie eienskappe van God word jy sterk bewus?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6. Waaroor laat die gedeelte uit Jeremia jou wonder nadat jy dit deurgelees het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

______________________________________

7. Lys 'n paar beloftes wat God aan Jeremia gee, maar ook aan jou en al Sy kinders.

- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________
- ___________________________________



# Dag 23 2 TIMOTEUS 2

## Die goeie soldaat van Christus

1Jy dan, my seun, wees sterk deur die
genade wat ons in Christus Jesus het. 2Wat
jy my voor baie getuies hoor verkondig het,
moet jy toevertrou aan betroubare manne
wat bekwaam sal wees om dit ook aan
ander te leer.

3Dra jou deel van die ontberings soos 'n
goeie soldaat van Christus Jesus. 4'n
Soldaat in aktiewe diens wat sy
bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom
nie met die dinge van die gewone lewe
nie. 5'n Atleet wat aan 'n wedstryd
deelneem, kan die prys wen slegs as hy
volgens die reëls meeding. 6Die boer wat
die harde werk doen, behoort eerste 'n deel
van die oes te kry. 7Dink na oor wat ek sê;
die Here sal jou insig gee om alles te
verstaan.

8Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n
nakomeling van Dawid, uit die dood
opgewek is. Dit is die evangelie wat ek
verkondig. 9Vir hierdie evangelie ly ek
verdrukking, selfs in boeie soos 'n
misdadiger, maar die woord van God kan
nie geboei word nie. 10Daarom verdra ek
alles ter wille van die uitverkorenes, sodat
ook hulle die verlossing, wat daar in
Christus Jesus is, en die ewige heerlikheid
kan ontvang. 11Dit is 'n betroubare woord:

As ons saam met Hom gesterf het, sal ons
ook saam met Hom lewe;

12as ons in die geloof volhard, sal ons saam
met Hom regeer;

as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;

13as ons ontrou is – Hy bly getrou:

Hy kan Homself nie verloën nie.



## Die arbeider wat goedkeuring wegdra

14Hou aan om die gelowiges aan hierdie
dinge te herinner en vermaan hulle ernstig
voor God om op te hou stry oor woorde. Dit
het geen nut nie en is net skadelik vir die
hoorders. 15Lê jou daarop toe om jou tot
beskikking van God te stel as 'n arbeider wat
die goedkeuring van God wegdra, 'n
arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te
skaam nie, wat die woord van die waarheid
suiwer verkondig. 16Maar die onheilige en
sinlose praatjies moet jy vermy, want dié
wat dit versprei, sal nog verder in
goddeloosheid verval, 17en hulle woorde
sal voortvreet soos kanker. Onder hulle is
daar Himeneus en Filetus, 18wat van die
waarheid afgedwaal het deur te sê dat die
opstanding alreeds plaasgevind het.
Daarmee vernietig hulle die geloof van
sommige. 19Nogtans, die hegte fondament
wat God gelê het, staan vas met dié woorde
daarop gegraveer:

"Die Here ken dié wat aan Hom behoort,"

en:

"Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort,

moet wegbreek van die ongeregtigheid."

20In 'n groot huis is daar nie alleen
voorwerpe van goud en silwer nie, maar
ook van hout en klei. Sommige is vir
besondere gebruik en ander vir die
alledaagse. 21As iemand hom van die
kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir
besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die
eienaar afgesonder en bruikbaar wees,
voorberei vir enige goeie diens.

22Vermy die begeertes wat 'n jongmens in
gevaar bring, en streef na opregtheid,
geloof, liefde en vrede, saam met almal wat
uit 'n rein hart die Here aanroep. 23Moet
jou nie met dwase en sinlose strydvrae

inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak. 24'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra. 25Met vriendelikheid moet hy teenstanders teregwys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring. 26Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') 'n paar vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en wat jy glo God onder jou aandag wil bring.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

4. Waaroor wonder jy of sal jy 'n vraag wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou opnuut sê **oor jou leefwyse as tiener,** deur hierdie Bybel gedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

6. Vanuit die Skrifgedeelte, skryf 'n vers neer wat jy wil memoriseer of vir altyd wil onthou.

________________________________

________________________________

________________________________

________________________________

7. Sirkel die sinne wat verwys na Heilige Gees.



# Dag 24 GENESIS 16

## Abram, Sarai en Hagar

1Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n
kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy het
'n Egiptiese slavin met die naam Hagar
gehad. 2Toe sê Sarai vir Abram: "Die Here
het my nou eenmaal daarvan weerhou om
kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin.
Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat
my eie kan word."

En Abram het saamgestem met sy vrou.

3Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai,
die vrou van Abram, self vir Hagar, haar
Egiptiese slavin, gevat en vir haar man
Abram as vrou gegee het. 4Hy het by Hagar
gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe
sy agterkom sy is swanger, het sy haar
eienares geminag. 5Toe sê Sarai vir Abram:
"Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek
moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee
om met haar gemeenskap te hê, en noudat
sy agterkom sy is swanger, minag sy my.
Mag die Here hierdie saak tussen my en jou
uitwys."

6Maar Abram sê vir Sarai: "Jou slavin staan
onder jou. Doen met haar soos jy
goeddink."

Sarai het haar slavin toe sleg behandel, en
sy het weggeloop.

7Die Engel van die Here het vir Hagar
ontmoet by 'n fontein in die woestyn, die
fontein langs die pad na Sur toe, 8en vir
haar gevra: "Hagar, slavin van Sarai, waar
kom jy vandaan en waar gaan jy heen?"

Toe antwoord sy: "Ek loop van my eienares
Sarai af weg," 9en die Engel van die Here sê
vir haar: "Gaan terug na jou eienares toe en
onderwerp jou aan haar gesag."

10Verder het die Engel van die Here vir haar
gesê: "Ek sal jou nageslag so baie maak dat
hulle te veel sal wees om te tel."

11En toe sê die Engel van die Here ook nog
vir haar:

"Kyk, jy is swanger; jy sal 'n seun in die
wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem,
want die Here het van jou swaarkry gehoor.

12Jou seun sal 'n man wees so ontembaar
soos 'n wildedonkie: hy sal teen almal wees,
en almal sal teen hom wees. Hy sal in
vyandskap leef met sy bloedverwante."

13Hagar het toe die Naam van die Here wat
daar met haar gepraat het, aangeroep en
gesê: "U is 'n God wat my sien, hier het ek
Hom gesien wat my gesien het."

14Daarom word die fontein genoem Lagai-
Roï-fontein . Die fontein is tussen Kades en
Bered.

15Hagar het vir Abram 'n seun in die wêreld
gebring, en Abram het sy seun wat Hagar in
die wêreld gebring het, Ismael
genoem. 16Abram was ses en tagtig toe
Hagar vir Ismael vir hom in die wêreld
gebring het.

**1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

**2. Verhelder, in kleur, die naam van God waarvan Hagar bewus geword het toe sy in die woestyn was.**

**3. Skryf 'n waarheid oor/van God neer, wat vandag nog geld vir elkeen van Sy kinders, wat jy in hierdie Skrifgedeelte bewus van word.**

4. Wil jy 'n vraag vir God vra oor iets wat jy oor wonder of onseker is van nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).



5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

6. Vanuit die Skrifgedeelte van vandag, skryf 'n karaktereienskap van God neer.



## Dag 25 PREDIKER 9

### Doen wat jou hand vind om te doen

1Dit alles het ek ter harte geneem en ek het bevind: God regeer oor dié wat reg doen en wysheid het, en oor wat hulle doen. Niemand weet of daar vir hom liefde of haat wag nie.

2Een en dieselfde lot tref almal: die regverdige en die goddelose, die goeie, die reine en die onreine, die een wat offer en die een wat nie offer nie. Soos dit met die goeie gaan, so gaan dit met die sondaar, soos dit gaan met die een wat 'n eed aflê, so gaan dit met hom wat weier om 'n eed af te lê.

3Die ellende met alles wat in hierdie wêreld gebeur, is dat dieselfde lot almal tref. Die hart van die mens is vol boosheid; die dwaasheid bly hom sy lewe lank by, en sy einde is die dood.

4Solank jy onder die lewendes is, het jy hoop. 'n Hond wat lewe, is beter as 'n leeu wat dood is.

5Dié wat lewe, weet hulle sal doodgaan, maar die dooies weet niks; daar wag vir hulle niks meer nie, hulle is vergeet;

6dit is klaar met hulle liefde, hulle haat en hulle hartstog. Hulle sal nooit weer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur nie.

7Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen.

8Dra altyd wit klere, versorg jou hare met olie.

9Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, dié lewe wat tot niks kom nie, maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het, die hele lewe wat tot niks kom nie. Dit is wat jou toekom in die lewe, wat jou toekom vir al jou geswoeg in hierdie wêreld.

10Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen, want in die doderyk waarheen jy op pad is, is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie.

11Verder het ek in hierdie wêreld gesien:

dit is nie die vinnigstes wat die reisies wen nie, nie die sterkstes wat die oorlog wen nie, nie dié met wysheid wat kos het nie, nie die verstandiges wat ryk word nie, nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie. Alles word bepaal deur tyd en geleentheid.

12Die mens ken selfs nie die tyd van sy dood nie. Soos visse wat gevang word in 'n net, soos voëls wat gevang word in 'n wip, so word die mens gevang as die teëspoed kom, as dit hom skielik oorval.

### Wysheid teenoor dwaasheid

13Ook hierdie stukkie wysheid het ek in hierdie wêreld gesien, en vir my was dit belangrik:

14Daar was 'n klein stadjie met min mense. 'n Magtige koning het teen die stad opgetrek, dit beleër en hom daar ingegrawe. 15In die stad was 'n arm man met baie wysheid, en hy het die stad deur sy wysheid gered. Maar niemand het die arm man onthou nie.

16Toe het ek gesê: Wysheid is wel beter as krag, maar die wysheid van die arme word geminag, en niemand luister na wat hy sê nie.

17Die rustige woorde van dié wat wysheid het, word beter gehoor as die geskree van een wat heers oor dwase.

18Wysheid is beter as wapens, maar een misstap kan baie wat goed is, bederf.

1. Onderstreep 'n paar verse wat vir jou uitstaan.

2. Kleur (highlight) 'n vers in wat vir jou leiding/rigtingwysing gee oor jou leefwyse as kind van God.

3. Kies 'n vers en verander dit in 'n gebed tot God.

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

5. Som in een sin op wat jy dink God vir jou wil sê of leer deur hierdie Bybelgedeelte in Prediker?

____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________
____________________________________

6. Trek 'n sirkel om 'n vers wat beskryf hoe 'n wyse mens moet optree.



# Dag 26 HEBREËRS 2

## Die groot saligheid vereis groot verantwoordelikheid

1Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger
vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons
nie dalk wegdrywe nie. 2As die woord wat
deur engele gepraat is, bindend was, en
elke oortreding en ongehoorsaamheid
regmatig gestraf is, 3hoe sal ons dan
ontkom as ons so 'n groot saligheid
verontagsaam het? Hierdie saligheid is
immers deur die Here verkondig, deur wie
dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig
deur dié wat dit gehoor het. 4Daarby het
God ook saam getuig deur tekens en
wonders en ook deur allerhande kragtige
dade en gawes van die Heilige Gees, soos
Hy dit toebedeel het volgens sy wil.

## Die Leidsman tot die saligheid

5Dit is nie aan engele dat Hy die
toekomstige wêreld, waarvan ons praat,
onderwerp het nie. 6Inteendeel, iemand
het êrens getuig en gesê:

“Wat is 'n mens dat U aan hom dink,

'n mensekind dat U na hom omsien?

7U het hom 'n kort tydjie minder as die
engele gemaak; U het hom met heerlikheid
en eer gekroon;

8U het alles aan hom onderwerp.”

By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is
nie. 9Maar ons sien Jesus, met eer en
heerlikheid gekroon op grond van sy lyding
en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak
as die engele, sodat Hy deur die genade van
God vir almal sou sterwe.
10God, ter wille van wie alles bestaan en
deur wie alles ontstaan het, wou baie deel
laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was
dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die
verlossing deur lyding heen tot
volmaaktheid sou bring. 11Hy wat heilig
maak, sowel as die mense wat geheilig
word, is almal uit een Vader. Om hierdie
rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers
te noem nie. 12Hy sê tog: “Ek sal u Naam
aan my broers bekend maak, in die
samekoms van die gemeente sal Ek u lof
besing.” 13Ook sê Hy: “Ek sal altyd op Hom
vertrou.” En verder: “Hier is Ek met die
kinders wat God My gegee het.”

14Aangesien hierdie kinders mense van
vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle
mens geword. Dit het Hy gedoen om deur
sy dood dié een wat mag het oor die dood,
dit is die duiwel, te vernietig 15en om hulle
wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe
lank in slawerny was, te bevry. 16Dit is
duidelik dat dit vir Hom nie om die engele
gaan nie, maar om die nageslag van
Abraham. 17Daarom moes Hy in elke opsig
aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n
barmhartige en getroue Hoëpriester voor
God kon wees om die sondes van die volk te
versoen. 18Omdat Hy self versoek is en gely
het, kan Hy dié help wat versoek word.

1. **Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

2. **Skryf ‘n paar sinne neer wat vir jou leer oor <u>hoe om op te tree</u> nadat jy die goeie boodskap van Jesus gehoor het.**

______________________________________

______________________________________



3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.


4. Is daar iets waarvan jy vandag opnuut bewus geraak het? Skryf dit neer.

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

6. Verduidelik die goeie rede hoekom Jesus die beste persoon is om jou te help tydens versoekings, lyding en moeilike tye in jou lewe.



# Dag 27 ESTER 1

**Koningin Vasti weier koning Ahasveros se versoek**

1Dit was in die tyd van Ahasveros. Hy het
geregeer oor 'n ryk van honderd sewe en
twintig provinsies wat gestrek het van Indië
af tot by Kus. 2In die tyd toe sy troon in die
vestingstad Susan was, 3in die derde jaar
van sy regering, het hy 'n onthaal gegee vir
al sy hoë amptenare en ander in sy diens.
Die leëroffisiere van Persië en Medië, die
vername mense en die hoë amptenare van
die provinsies was teenwoordig. 4By dié
geleentheid het die koning al die rykdom
waarmee sy koninkryk kon spog, al die prag
en praal daarvan, honderd en tagtig dae
lank vertoon. 5Daarna het die koning almal
in die stad Susan, groot en klein, 'n week
lank in die paleistuin onthaal. 6Daar het wit
en bloedrooi linnedoeke gehang wat met
pers linnetoue vas was aan silwerringe aan
marmerpilare. Verder was daar silwer- en
goue rusbanke op 'n plaveisel van vier
soorte kosbare klip. 7Wyn is bedien in goue
bekers van verskillende ontwerpe en daar
was 'n oorvloed koninklike wyn soos 'n
mens van 'n koning kon verwag. 8Op bevel
van die koning is niemand gedwing om te
drink nie. Hy het al sy paleisbediendes
beveel om na elkeen se wens te handel.

9Koningin Vasti het intussen ook die
vrouens onthaal in die paleis van koning
Ahasveros.

10Op die sewende dag, toe die koning baie
vrolik was van die wyn, het hy sewe
paleisbeamptes geroep: Mehuman,
Bisseta, Garbona, Bigta, Abagta, Setar en
Karkas. 11Hy het hulle beveel om koningin
Vasti, met haar kroon op, na hom toe te laat
kom sodat hy vir al die mense, al die hoë
amptenare, kon wys hoe mooi sy is. Sy was
'n baie mooi vrou.



12Koningin Vasti het egter geweier om te
kom soos die koning haar deur sy
paleisbeamptes beveel het. Toe het die
koning baie kwaad geword. Hy was
woedend 13en het raad gevra by sy
adviseurs wat geweet het hoe en wanneer
om op te tree, want dit was gebruiklik dat
die koning die kenners van wet en reg sou
raadpleeg. 14Karsena, Setar, Admata,
Tarsis, Meres, Marsena en Memukan was
by die koning. Hulle was die sewe
hoofamptenare van Persië en Medië wat
direkte toegang tot die koning gehad het en
die hoogste poste in die koninkryk beklee
het. 15Hy vra hulle toe: “Wat moet volgens
wet gedoen word met koningin Vasti wat
nie gehoorsaam was aan die bevel van die
koning deur sy paleisbeamptes nie?”



16Toe sê Memukan vir die koning en die
hoë amptenare: “Koningin Vasti het nie net
teen die koning verkeerd opgetree nie,
maar ook teen al die hoë amptenare en al
die mense in al die provinsies van die
koning. 17Haar optrede sal bekend word by
al die vrouens en sal daartoe lei dat hulle
geen ontsag meer vir hulle mans het nie.
Hulle sal sê: ‘Koning Ahasveros het beveel
dat koningin Vasti voor hom moet verskyn,
maar sy het nie gekom nie.’ 18Die
vooraanstaande vrouens van Persië en
Medië wat van die koningin se optrede
gehoor het, sal dit vandag nog aan hulle
mans vertel en hulle met minagting
behandel. Dit sal die mans woedend
maak. 19As u dit goedvind, vaardig 'n
koninklike bevel uit en laat geskryf word in
die wette van Persië en Medië, wat nie
herroep kan word nie, dat Vasti nie meer
voor koning Ahasveros mag verskyn nie en
dat hy haar as koningin vervang met iemand
wat haar beter sal gedra as sy. 20As die

bevel wat die koning uitvaardig, bekend word oor sy uitgestrekte koninkryk sal elke vrou haar man, belangrik of onbelangrik, met eerbied behandel."

21Die koning en sy hoë amptenare het hierdie voorstel goedgevind, en die koning het gedoen wat Memukan gesê het 22en briewe gestuur na al die provinsies, na elke provinsie in sy eie skrif en na elke volk in sy eie taal. Hierin het gestaan dat elke man baas moet wees in sy eie huis en moet optree volgens die gebruik van sy volk.



ESTER 2

Ester word koningin

1Later, toe die woede van koning Ahasveros bedaar het, het hy nog altyd aan Vasti gedink en aan wat sy gedoen het en wat oor haar besluit is.

2Toe sê die amptenare wat in die koning se persoonlike diens was: "Die koning moet vir hom mooi meisies laat soek. 3Hy moet amptenare aanstel in al die provinsies van sy koninkryk sodat hulle al die mooi meisies bymekaar kan laat kom in die vestingstad Susan in die vrouekwartiere onder die sorg van Hegai, die paleisbeampte wat oor die koning se vrouens toesig hou. Hulle moet skoonheidsbehandeling ontvang, 4en die meisie van wie die koning die meeste hou, moet in die plek van Vasti koningin word."

Die koning het dit 'n goeie voorstel gevind en so gemaak.

5In die stad Susan was daar 'n Jood met die naam Mordegai. Hy was uit die stam Benjamin en was 'n seun van Jaïr seun van Simi, seun van Kis. 6Hy was onder die ballinge wat saam met koning Jojagin van Juda uit Jerusalem weggevoer is deur koning Nebukadnesar van Babel. 7Mordegai het as voog opgetree vir Hadassa, dit is Ester, die dogter van sy oom, want sy was 'n weeskind. Dié meisie was mooi, sy was baie mooi. Ná die dood van haar pa en ma het Mordegai haar as dogter aangeneem.

8Toe die besluit en bevel van die koning bekend gemaak is, is 'n groot aantal meisies in die stad Susan bymekaargebring onder die sorg van Hegai. Ester is ook na die paleis van die koning toe geneem onder die sorg van Hegai wat oor die koning se vrouens toesig gehou het. 9Die meisie was vir hom mooi en hy het van haar gehou. Hy het haar dadelik die nodige skoonheidsbehandeling gegee en haar die regte dieet laat volg. Ook het hy die sewe bestes van die paleis se kamerpersoneel tot haar beskikking gestel en haar en haar kamerpersoneel na die beste deel van die vrouekwartiere verskuif. 10Ester het nie haar volksverband en afkoms bekend gemaak nie, want Mordegai het haar belet om dit te doen. 11Mordegai het elke dag voor die voorhof van die vrouekwartiere heen en weer geloop om agter te kom hoe dit met Ester gaan en wat met haar gaan gebeur.

12Die skoonheidsbehandeling waaraan die meisies hulle volgens die gebruik moes onderwerp, het twaalf maande lank geduur: behandeling met mirre-olie ses maande, en met lekkerruik-kruie en ander skoonheidsmiddels ses maande. Daarna het elke meisie 'n beurt gekry om na koning Ahasveros toe te gaan. 13Wanneer sy uit die vrouekwartiere na die koning se paleis toe gaan, kon elke meisie alles saamvat wat sy wou. 14Sy het in die aand in die paleis ingegaan en in die oggend is sy na die tweede stel vrouekwartiere toe onder die sorg van Saäsgas, die paleisbeampte wat oor die koning se byvrouens toesig gehou het. Sy kon nie weer na die koning toe gaan

nie, behalwe as hy baie van haar gehou het en sy geroep word.

15Ester was die dogter van Abigajil, 'n oom van Mordegai wat haar as sy dogter aangeneem het. Toe haar beurt kom om na die koning toe te gaan, het sy niks meer gevra as wat Hegai, die paleisbeampte wat oor die koning se vrouens toesig gehou het, vir haar aanbeveel het nie. Sy het 'n goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het. 16Ester is na koning Ahasveros toe in die paleis geneem in die tiende maand, die maand Tebet, in die sewende regeringsjaar van die koning. 17Die koning het meer van Ester gehou as van enigeen van die ander vrouens en hy was meer in sy skik met haar as met enige ander jongmeisie. Hy het toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti. 18Die koning het toe 'n groot onthaal gegee vir al sy hoë amptenare en almal wat in sy diens was, 'n onthaal ter ere van Ester. Hy het die verpligtinge van sy onderdane in al die provinsies verminder en geskenke uitgedeel met koninklike vrygewigheid.

### Mordegai red die koning se lewe

19In die tyd toe die jongmeisies daar bymekaar was, het nog iets gebeur: Mordegai het in die poort van die koning se paleis gesit, 20en Ester het in dié stadium nog nie haar afkoms en haar volksverband bekend gemaak nie, soos Mordegai haar beveel het; sy het Mordegai se opdrag uitgevoer soos toe sy nog onder sy sorg was. 21In dié tyd, terwyl Mordegai in die poort van die paleis gesit het, het Bigtan en Teres, twee paleisbeamptes van die koning wat poortwagte was, verbitter geraak en saamgesweer om koning Ahasveros te vermoor. 22Mordegai het dit te wete gekom en dit aan koningin Ester meegedeel. Ester het dit toe namens Mordegai aan die koning vertel. 23Die saak is ondersoek en die berig is waar bevind, en die twee manne is aan 'n galg opgehang. Hierdie gebeurtenis is in die annale opgeteken in teenwoordigheid van die koning.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang of jou aandag trek.

2. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n verbeeldingsprentjie te vorm).



3. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie twee hoofstukke uit Ester vandag?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

5. Watter Bybelkarakter in vandag se verhaal, se voorbeeld sal jy graag wil nastreef of beslis glad nie wil navolg nie.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

6. Van watse karaktereienskap van God word jy bewus in hierdie Skrifgedeelte?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

7. Wat kan jy leer uit Ester se lewe vanaf die tyd wats sy 'n baba was totdat sy koningin geword het?

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

8. Wat sien jy is die gevolg van 'n verbitterde hart ('n hart wat nie kan vergewe nie) uit die stuk van vandag? (vers 21)

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________



## Dag 28 JOHANNES 15

### Die ware wingerdstok

1“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is
die boer. 2Elke loot aan My wat nie vrugte
dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte
dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte
kan dra. 3Julle is alreeds reg gesnoei deur
die woorde wat Ek vir julle gesê het. 4Julle
moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie
uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die
wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as
julle nie in My bly nie.

5“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie
in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte,
want sonder My kan julle niks doen nie. 6As
iemand nie in My bly nie, word hy
weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die
mense maak sulke lote bymekaar en gooi
dit in die vuur, en dit verbrand. 7As julle in
My bly en my woorde in julle, vra dan net
wat julle wil hê, en julle sal dit kry. 8My
Vader word juis daardeur verheerlik dat
julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

### Julle moet mekaar liefhê

9“Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook
lief. Julle moet in my liefde bly. 10As julle my
opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly,
net soos Ek die opdragte van my Vader
uitvoer en in sy liefde bly.

11“Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in
julle kan wees en julle blydskap volkome
kan wees. 12Dit is my opdrag: Julle moet
mekaar liefhê soos Ek julle
liefhet. 13Niemand het groter liefde as dit
nie: dat hy sy lewe vir sy vriende
aflê. 14Julle is my vriende as julle doen wat
Ek julle beveel. 15Ek noem julle nie meer
ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte
weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek
noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek
van my Vader gehoor het, aan julle bekend
gemaak het. 16Julle het My nie uitgekies
nie, maar Ek het julle uitgekies en julle
aangestel om uit te gaan en vrugte te dra,
vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle
gee wat julle ook al in my Naam vra. 17Dit
beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!”

### Die wêreld sal julle haat

18“As die wêreld julle haat, onthou: Hy het
My voor julle gehaat. 19As julle aan die
wêreld behoort het, sou die wêreld julle as
sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter
nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek
julle uit die wêreld uitgekies het, daarom
haat die wêreld julle. 20Onthou wat Ek vir
julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as
sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal
hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde
ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook
ter harte neem. 21Maar hulle sal dit alles
aan julle doen omdat julle my Naam bely en
hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.

22“As Ek nie gekom en met hulle gepraat
het nie, sou hulle nie skuldig gewees het
nie; maar nou het hulle geen verskoning vir
hulle sonde nie. 23Wie My haat, haat ook
my Vader. 24As Ek nie by hulle die werke
gedoen het wat niemand anders gedoen
het nie, sou hulle nie skuldig gewees het
nie; maar nou sien hulle dit, en tog haat
hulle My en my Vader. 25Maar die woorde
wat in die Skrif geskrywe staan, moet vervul
word: ‘Hulle het My sonder rede gehaat.’

26“Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir
julle van die Vader af sal stuur, die Gees van
die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal
Hy oor My getuig. 27En julle moet getuig,
want julle is van die begin af by My.”



1. Nadat jy Johannes 15 deurgelees het, kleur 'n vers of twee in ('highlight') wat vir jou uitstaan.

2. Kies 'n Bybelkarakter uit hierdie Bybelhoofstuk en skryf 'n optrede of karaktereienskap van hom neer, wat jy bewonder of nastreef. Verduidelik hoekom dit jou hart aanraak.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

3. As jy vir Jesus of Sy Vader (God) 'n vraag kon vra, wat sou dit wees?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

4. Wat dink jy wil Jesus vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

5. Skryf 'n waarheid oor God of Jesus neer wat jy in hierdie Skrifgedeelte raaklees.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

6. Waaroor is jy verbaas nadat jy die verse in die hoofstuk gelees het (moontlik oor iets wat Jesus Sy dissipels gesê/ gewaarsku het).

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

7. Skryf 'n vergelyking neer (vauit die Skrifgedeelte), wat Jesus gebruik om Sy dissipels te leer.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



# Dag 29 RIGTERS 4

## Debora

1Na Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. 2Die Here het hulle oorgegee in die mag van koning Jabin van Kanaän wat in Hasor geregeer het. Sisera uit Garoset-Gojim was die hoof van Jabin se weermag. 3Hy het nege honderd ysterstrydwaens gehad en hy het die Israeliete twintig jaar lank verdruk.

Daarom het hulle tot die Here geroep om hulp. 4In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes. 5Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê. 6Sy het vir Barak seun van Abinoam uit Kedes in Naftali laat roep en vir hom gesê: “Die Here die God van Israel beveel jou: Trek met tien duisend man uit Naftali en Sebulon op na Taborberg toe. 7Ek sal vir Sisera, die hoof van Jabin se leër, met sy strydwaens en sy leër na jou toe laat optrek tot by Kisonspruit en Ek sal hulle in jou mag oorgee.”

8Barak het haar geantwoord: “As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie.”

9Sy het vir hom gesê: “Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan 'n vrou uitlewer.”

Toe het Debora klaargemaak en saam met Barak na Kedes toe gegaan. 10Barak het vir Sebulon en Naftali daarheen ontbied. Tien duisend man het vir Barak gevolg, en Debora het saam met hom opgetrek.

11In daardie gebied was daar 'n man met die naam Geber, 'n Keniet uit die nageslag van Moses se skoonpa Gobab. Geber het weggetrek van die Keniete af en sy tent opgeslaan by die groot boom in Saänannim naby Kedes.

12Daar is aan Sisera vertel dat Barak seun van Abinoam na Taborberg toe opgetrek het. 13Sisera het toe sy nege honderd strydwaens en al sy manskappe van Garoset-Gojim af laat kom na Kisonspruit toe.

14Toe sê Debora vir Barak: “Trek op, want vandag gee die Here vir Sisera in jou mag oor. Die Here gaan voor jou uit.”

Barak het toe van Taborberg af afgegaan, en die tien duisend man het hom gevolg. 15Die Here het Sisera en sy strydwabemanning en sy hele leër baie bang laat word vir Barak en sy mag, en Sisera het van sy strydwa af afgespring en te voet gevlug. 16Barak het die strydwaens en die leër agternagesit tot by Garoset-Gojim, en die hele leër van Sisera is afgemaai: daar het nie een van hulle oorgebly nie.

17Sisera het te voet gevlug na die tent van Jael, die Keniet Geber se vrou, want koning Jabin van Hasor en die familie van Geber die Keniet het op goeie voet verkeer. 18Jael het vir Sisera tegemoet gegaan en vir hom gesê: “Kom hierheen, Meneer! Kom na my toe, moenie bang wees nie!”

Toe gaan hy na haar toe in die tent en sy het hom agter 'n gordyn weggesteek. 19Hy sê toe vir haar: “Ek is dors, gee my 'n bietjie water om te drink.”

Sy het die melksak oopgemaak en hom melk laat drink. Toe het sy hom weer toegemaak. 20Hy het vir haar gesê: “Staan by die tentdeur, en as daar iemand kom wat



vir jou vra: 'Is hier dalk iemand by jou?' moet jy vir hom sê: Nee!"

21Jael die vrou van Geber het toe 'n tentpen gevat en met 'n hamer in haar hand is sy suutjies na Sisera toe. Hy was moeg en het vas geslaap. Toe slaan sy die tentpen deur die slaap van sy kop, sodat sy hom in die grond vasslaan, en so is hy dood.

22Barak was besig om vir Sisera te agtervolg, en Jael het na Barak toe gegaan. Toe sê sy vir hom: "Kom hier! Ek sal vir jou die man wys wat jy soek."

Toe Barak by haar kom, lê Sisera daar dood met 'n tentpen deur sy slaap.

23Daardie dag het God vir koning Jabin van Kanaän voor die Israeliete verneder 24en hulle het al hoe meer die oorhand oor hom gekry totdat hulle hom vernietig het.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder die verse wat beskryf wat die Israeliete gedoen het nadat hulle vir 20 jaar verdruk is. Skryf neer wat die voorbeeld is wat jy hieruit kan leer.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

4. Waarvan dink jy, wil God jou leer deur hierdie gedeelte van Rigters?

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

5. Beskryf 'n goeie karaktereienskap van Debora en hoe jy begeer om soos sy te wees in jou leefwyse.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

6. Watse karaktereienskap van God neem jy waar in vandag se Bybelgedeelte.

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________

_______________________________________



## Dag 30 JAKOBUS 1

1Van Jakobus, 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus.

Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is.

Groete!

**Geloof en wysheid**

2My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, 3want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. 4En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming. 5As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt. 6Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word. 7-8So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

**Arm en ryk in die gemeente**

9'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien in God het, 10en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom. 11As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan.

**Versoeking en verleiding**

12Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.

13Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. 14Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. 15Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.

16Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. 17Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie. 18Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het.

**Hoor en doen**

19My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 20'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie. 21Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.

22Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself. 23Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk: 24hy bekyk homself, gaan van die

spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. 25Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.

26As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos. 27Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Kleur die verse in (highlight'), wat waarhede oor God beskryf.

3. Hoe leer hierdie Skrifgedeelte jou om as kind van God te lewe?

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

4. Noem 'n paar denkwyses wat jy kan kweek, wat ooreenstem met 'n gesonde Christelike lewenswyse (leer).

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

5. Beskryf die ironie in vers 2 en wat die uitkoms van allerlei beproewings in 'n kind van God se lewe tot gevolg kan hê.

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

6. Skryf 'n waarheid oor God neer wat jy raaklees of besef vanuit vandag se Bybelgedeelte.

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________

_________________________________



& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com